# *Die Éfesiese Kerktydperk*

Die Here seën julle.

Enigiemand hierbinne wat 'n Dodge, nuwe Dodge bestuur, nommerplaat WX-2129, wat daar oorkant die straat geparkeer is? Het hulle ligte, hoofligte en alles, aangelos. En as daardie iemand daardie motor bestuur, wel, glip jy net uit en skakel jou ligte af. Dis net aan die linkerkant van die straat, reg af in Agtstestraat. Ek reken dis 'n New Albany nommer, WX-2129. 'n Rooi Dodge, nuwe Dodge, dis ten minste 'n '59, '60, of daarrond. En ek het nie geweet of daar iemand hierbinne was of iemand wat net . . . van iewers nie. Goed, dit was. En so, dis 'n goeie ding. Nou, ek gaan nie sê net die dames vergeet dit nie, want ek doen dit ook.

2 Wel, dis beslis goed om weer terug te wees in die diens vanaand, en om hierdie goeie tyd van gemeenskap te hê rondom die Woord. Geniet julle Dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] O, dis reg, ons het net 'n wonderlike, wonderlike tyd. En nou vertrou ons God sal ons help om voort te gaan.

3 Nou, my broer het gegaan en 'n swartbord gekry hier, maar dis—dis te kort, dit is net nie hoog genoeg nie. So môre, wel, sal ek dit probeer opstel hierbo, dit bo-oor swaai en dit maak so . . . Ek wil verskillende dinge hier teken wat ek wil verduidelik, sodat julle net kan . . . en net sodat julle seker kan wees dat julle Dit regtig begryp.

4 Daar was . . . Gisteraand, of dit was gister, was my dogtertjie, Sarah, dit was nogal oulik. Ek en moeder het na haar papiertjie gekyk, sy het my notas geneem. En sy het alles net presies reg neergeskryf gehad, Jesaja en Matthéüs en alles. En reg aan die einde van die—die papier, het sy gehad "En—en dood . . . Die graf het nie meer enige oorwinning in nie, en die dood se angel is uitgetrek." Sy is omtrent sewe jaar oud. En toe, in plaas van om die "Openbaring" [Eng. "Revelations."—Vert.] te hê, het sy gesê: "Die boek van revolusies." Wel, dit wys dat hulle belangstel om iets te vind, in elk geval, nie waar nie? Ek dink Broer Collins se dogtertjie, sy sit daaragter. Hulle het "revolusie" geskryf? "Dag van revolusies," het Broer Neville gesê. Hy stem saam met haar. Ek reken ons sal dit almal moet doen.

5 Wel, ons het regtig 'n wonderlike tyd. Goeiste, die Here seën. Ek het ingegaan om te studeer vanmôre, in 'n kamer, net nadat ek die kinders skool toe geneem het, en net 'n tydjie gelede uitgekom; net 'n wonderlike tyd gehad. Gisteraand, ook soort van laat studeer.

6 En omtrent twee-dertig in die môre het 'n paar mense afgekom van die noorde af, hulle het ons gekry . . . het my wakker

gemaak om te bid vir 'n dogtertjie wat sterwend was. En ek is seker die Here sal haar laat gesond word. Hulle het net afgekom, al die pad van Bedford, Indiana af, om die versoek te vra dat daar toe vir die dogtertjie gebid word. Twee mans was in die diens gisteraand en het die heelpad soontoe gery, toe weer die heelpad terug, toe weer die heelpad soontoe. Waarskynlik die heelnag gery. En so, dis goed om te weet dat mense daardie soort vertroue het en God glo.

7 O, dis 'n groot dag waarin ons lewe. En ons verwag nou, met hierdie kerktydperke, om net meer en meer te kry.

8 Nou, ons probeer net 'n bietjie vroeg begin elke aand, sodat ons vroeg kan verdaag. Hou julle meer daarvan? En dit laat die mense wat moet werk, by die huis kom sodat hulle kan gaan werk. Gisteraand was ons uit teen omtrent vyf, tien minute oor nege, of was ek ten minste klaar. En so, ons is bly om al die besoekende predikers by ons te hê vanaand. En ek—ek. . .Broer Junior Jackson, Broer Carpenter, en ons broer van die kerk daar, en baie ander op die platvorm hier en buite in die diens.

9 En daar is vandag vir my vertel dat 'n baie dierbare vriend van my, wat saam met my op die sendingvelde was, Broer en Suster Andrew van diep in China, gisteraand in die diens was. Wat 'n wonderlike tyd het ons saam oorkant in Jamaika gehad hierdie afgelope jaar. Ons het 'n groot tyd gehad, ek het na hulle huis toe gegaan. En goeiste, dis. . .Ek wonder of Broer en Suster Andrew teenwoordig is vanaand hier in die—in die diens? Hierdie gebou is net nie reg gebou nie, so. . .Ja, sit daar ver agter aan die agterkant. Ek wonder of julle net sal opstaan, Broer en Suster Andrew, net vir 'n oomblik. Die Here seën julle. Ons is so bly om julle te sien, Broer en Suster Andrew. Ek het hulle genooi om te kom, verlede jaar, toe ek daar oorkant was.

10 Nou, nie om dit in hulle teenwoordigheid te sê nie (ek sou meer gesê het, maar ek sal dit nie nou sê nie), maar hulle is wat ek ware sendelinge noem. As hulle inkom môre-aand, sal ek hulle laat praat net voor ons inkom. Ek wil hê julle moet hoor wat 'n sendingvelde regtig beteken, waar hulle so ver in die binneland in was, dat hulle nie eers enigiets gehad het om te. . .Wel, hulle is. . .Ek dink dit was jare en jare en jare wat hulle daarbinne was, en hulle het nie eers 'n motor of 'n trein, of enigiets anders gesien, vir jare en jare nie. En hoe Suster hulle brood sou maak van. . . Hoe sy dit sou fynmaak. En. . .Nou, dis regtig sendeling. Broer Andrew het 'n naald en garing gehad en hy was 'n dokter, hy het hulle almal toegewerk as hulle snye opgedoen het. En ek dink wanneer die kind se. . .kinders gekom het, was Suster Andrew waarskynlik vroedvrou en Broer Andrew die dokter. Hulle het net op hulle staatgemaak.

11 En toe, toe die sendings van. . .vanaf Engeland, die Pinkstersendings van Engeland, gesê het hulle was "te oud

om weer op die veld te gaan," (ek sal julle net vertel watter sendelinge hulle is, sou hulle geen gemakstoel neem en gaan sit nie) het hulle reguit teruggegaan op hulle eie, weer uit in Jamaika en is nou daarbuite aan die sendingwerk doen. Ek en Broer Fred Sothmann hier, het die voorreg gehad om na hulle huis toe te gaan en hulle te besoek, en watter lieflike tyd het ons by hulle gehad; so—so liefdevol soos Christene kan wees. En ek sê julle, ek sê dit nie om. . . Ek sal liewer 'n klein roosknoppie nou gee, as 'n krans nadat hulle weg is. Ek sê julle, hulle is regtig Christene. En ek het vir my vrou gesê dat Suster Andrew een van die liefdevolste, gaafste Christenvroue was wat 'n persoon ooit kon ontmoet. Sy's net. . . haar karakter is gevorm in Christus, ook; en Broer Andrew, ook. So, ek is seker as julle almal hulle gesien het wat pas opgestaan het, ek wil hê die hele kerk moet hulle hande skud en om na hulle te luister voor hulle wegkom.

12 Nou, môre, as die Here wil, wel, ons. . . môre-aand begin ons met hierdie tweede kerktydperk. Vanaand begin ons met die eerste kerktydperk. Ek is seker die Here het 'n seëning bestem vir ons.

13 En onthou, soos ek voorheen gesê het, partykeer mag ons oor hierdie dinge verskil sover as—as wat dit die teologie betref. En meeste van my datums neem ek van die ware geskiedkundiges, wat regtig nie belang gestel het in enige kant nie, net die feite neergeskryf het, wat dit ook al was, wat die kerk gedoen het. En ek. . . Natuurlik, die Goddelike deel van die uitleg, probeer ek dit self daarop plaas, die beste wat ek weet om te doen. En partykeer, as ek 'n bietjie hard praat of uitgesproke is soos daardie, bedoel ek dit nie op daardie manier nie. Almal weet dit, wat my ken, dat ek nie bedoel om dit te doen nie. Ek wil net hê. . . Maar om 'n blywende punt te kan maak, jy. . . Net soos om 'n spyker in 'n plank in te kap, as jy dit net daarop vastik, sal dit nie hou nie. Jy moet dit inkap en dit omklink, om dit te laat hou. En dis wat ek probeer doen. So, dit is nie dat ek sou probeer verskil nie, want ek preek by alle denominasies ensovoorts, so dit is nie. . . dit nie.

14 Ek het altyd gesê, soos om beeste te brandmerk. Ek onthou jare gelede het ek eendag gesit toe hulle was. . . die lente aanjaag gehad het, die beeste opgeneem het in die woud, en ek het die beeste help aanjaag bo na die, wat hulle die dwaalheining noem, waar die Hereford Vereniging die—die Troublesome Rivier Vallei bewei. En ek het daar gesit met my been wat oor die saalboom hang, die veldwagter dopgehou terwyl hy hierdie beeste dophou soos hulle deur die dwaalheining gaan.

15 Nou, jy moet hê. . . dis wanneer jy oorgaan op regeringsgrond, en jy moet in staat wees om 'n ton hooi te kweek voordat jy 'n koei op die weiveld kan sit. En elke beesplaas produseer soveel hooi, soveel beeste, dan kan hulle hulle kry.

16 Nou, hulle het daardeur gegaan met allerhande brandmerke op hulle. Party van hulle het die "Streep X" gehad. Mnr. Grimes, net langs ons daar, het die "Diamant T" gehad, 'n T aan die een kant van 'n diamant. Daar was die "Lui K," reg aan die bopunt van die Troublesome Rivier. Ons s'n was die "Kalkoenspoor." Net onder ons was die "Driebeen." En daar was allerhande soorte brandmerke wat deur daardie hek gegaan het.

17 En ek het opgelet, die veldwagter het nie veel aandag gegee aan daardie brandmerke nie, hy het nooit na hulle gekyk nie. Partykeer was hulle aan die linkerkant van die koei, so hy kon nie die brandmerk sien nie. So dit—dit was nie dat hy die brandmerk dopgehou het nie. Maar een ding waarvan hy seker was, dat nie een koei daardeur gegaan het as dit nie 'n bloedmerk in sy oor gehad het nie. Dit moes 'n opregte Hereford wees, of dit kon nie in daardie woud ingaan nie. Die brandmerk het nie veel verskil gemaak nie, maar dit was die bloedmerk. En ek dink dis wat dit gaan wees by die oordeel. Dit sal nie wees watter brandmerk ons dra nie, maar Hy sal soek na die Bloedmerk: "Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by jou verbygaan." [Broer Branham praat met Broer Gene oor die mikrofoonstelsel—Red.] Nou, is ek net 'n bietjie verkeerd, Gene, is ek? Weerklank. Goed. . . Dis 'n transposisie van tussen die twee, is dit reg? Goed. Dankie Broer Gene. Goed.

18 Nou ons gaan weer vroeg probeer uitkom vanaand, sodat ons môre-aand kan terugkom en hierdie tydperke neem. En ek sê julle, dis so moeilik vir my om party van daardie groot dinge terug te hou wat onder langs die kant van die pad lê; hulle net almal te probeer uitkry in een aand. Julle weet, dis soort van my geaardheid, maar ons moet dit net 'n bietjie terughou tot elke aand.

19 Nou, net voordat ons die groot Boek begin oopmaak, wonder of ons net vir net 'n oomblik kan staan vir. . . Julle posisie verander van. . . soos ons opstaan, dié wat kan. En laat ons nou ons hoofde eerbiediglik buig, vir 'n woord van gebed:

20 Ons Hemelse Vader, ons benader weer U groot Heilige Troon, kom sonder 'n sweempie twyfel, omdat ons kom omdat ons genooi is om te kom. Ons kan nie sê dat ons in die naam van 'n sekere kerk of 'n denominasie kom, of in die naam van hierdie kerk, of in ons eie naam nie, want ons sou nie seker wees daarvan, of ons hierdie onderhoud met God kon hê of nie. Maar toe Jesus ons vertel het: "As julle die Vader enigiets in My Naam vra, sal Ek dit doen," dan weet ons, as ons in Jesus se Naam kom, sal U ons verhoor, Vader.

21 Ons is so bly soos ons gelees het van die martelare van die vergange dae, hoe hulle hulle getuienis met hulle eie bloed verseël het, dan, Vader, laat dit ons voel dat ons so min doen in hierdie dag. En ek bid U, Here, dat U ons—ons—ons nalatigheid

sal vergewe, soos ons is, met U sake. En ons bid dat U ons opnuut sal salf soos ons U Woord lees, en die lyding sien wat teweeg gebring is in die vergange dae, om die kanon van hierdie groot vrygekoopte Kerk van die lewende God te vorm.

22 Ek bid dat U, Hemelse Vader, vanaand deur ons sal spreek, want ons weet nie wat om te sê nie; ons wag net en ons vra hierdie in gebed hier, omdat ons in die Teenwoordigheid van God in Sy Kerk is, en ons vra dat die Heilige Gees wat op hierdie mense is, sy kragte sal saamsnoer en die Evangelie sal uitskud in elke hart, wat ons 'n nuwe houvas en 'n nuwe hoop sal gee vir die eeu wat kom. Skenk dit, Here, want ons sien die vyeboom sy botsels uitstoot en Israel wat 'n volk word, en die Heidendae wat vervaag en getel is, en ons soek na die koms van die groot Verlosser, ons Here Jesus Christus.

23 Wandel onder ons, Here. Soos vanaand gesê is: "U wandel tussen die kandelaars," wandel dan onder ons, Here. En waarsku ons harte teen die boosheid wat voorlê, en gee ons begrip van U Woord, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen. Kan maar sit.

24 Nou, soos ek elke dag gesê het, ek probeer net soveel neer te skryf op papier as wat ek moontlik kan, van tye, plekke, ensovoorts, want dis 'n geskiedkundige gebeurtenis wat ons benader. Dit was 'n geskiedenis, en nou kom ons ook af, in oorlegging met die tyd.

25 Nou, Sondagoggend en Sondagmiddag . . . of Sondagaand, liewer, het ons 'n wonderlike tyd gehad. Ek is seker ons het. Ek het, self. En van die Openbaring . . .

26 Nou, wat bestudeer ons? Die Openbaring van Jesus Christus. En wat het ons gevind dat God die openbaring gewys en wie Hy was? Die eerste ding wat ons gevind het, van al die openbarings, dat God bekend gemaak het wie Hy was. Dat, Jesus geen derde persoon van 'n drie-eenheid was nie, Hy was die drie-eenheid ten volle. Hy was beide Vader, Seun, en Heilige Gees. En dit was die openbaring. Het vier keer in dieselfde hoofstuk gespreek, dat Hy die Almagtige God was; Hy wat was; wat is, en sal kom; die Wortel en Nageslag van Dawid.

27 Nou vind ons uit, dan, dat in hierdie dinge ons gaan probeer om die hele saak duidelik te maak, want ek weet nie wanneer ons Dit weer sal hoor nie, miskien nooit nie, tot tyd nie meer sal wees nie en sal vervaag in die Ewigheid. En nou, soos ek sê, daar mag baie broers wees, leraars baie beter gekwalifiseerd as ek om hierdie te spreek, en kan waarskynlik 'n beter uitleg daarvan gee, maar God het dit op my hart gelê om dit te doen en daarom sal ek 'n skynheilige wees as ek nie net presies sê wat ek gedink het reg was nie. Sien? So, ek—ek wil altyd openlik voor God wees, ten alle tye, dat "Ek nie nagelaat het," soos Paulus gesê het: "om julle dag en nag te waarsku, met trane, dat die kerk dan in posisie kan wees." As daar enige verlore is, sal die

bloed nie op my hande wees nie, want ek wil skoon wees van alle mense se bloed op daardie tyd. So as julle verskil, wel, dis, net op 'n mooi vriendelike manier, sal dit net in die haak wees. Nou, maar, miskien sal die Here iets openbaar wat ons almal, saam sal help.

28 Nou, die eerste ding, sien ons dat Hy Homself openbaar het. Nou verstaan ons wie Hy was.

29 Nou, verderaan, soos ek daardie aanhaling oor die besprinkeling gemaak het, en die doop in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees" as 'n Katolieke doop en nie 'n Protestante of 'n Nuwe Testament doop nie, ek hoop ek het dit duidelik gemaak. En ek het enige persoon gevra wat 'n Skrifteks sou wys waar enigiemand ooit gedoop is in die Bybel, of tot die Loadicése Raad, waar hulle die Katolieke kerk gevorm het, waar enigiemand ooit gedoop is in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees," kom wys my asseblief. En ek sal op my rug sit: "'n valse profeet," en deur die straat gaan. Nou, ek maak dit net so. . . nie om hard te wees nie, maar net om vir julle te wys dat dit die Waarheid is. Sien?

30 Nou, dan openbaar die Bybel Hom hier, dat Hy die Almagtige God is, vlees onder ons. Sien? Geen Vader, Seun, en Heilige Gees nie; dis nie drie gode, of een God gekap in drie plekke nie. Dis een God wat gewerk het in drie ampte: die Vaderskap, Seunskap, en die Heilige Gees. God wat neergedaal het van die tuin van Eden af, wat Sy weg probeer terugvind na menslike harte toe, om te lewe en weer seuns en dogters van God te wees saam met Hom. Dis God bo ons, God met ons, God in ons. Dis die verskil. Sien?

31 En nou daardie dinge, en die Bybel openbaar dit en het dit deeglik gesê in die 1ste hoofstuk van Openbaring; wat die enigste Boek in die Bybel is, in die Nuwe Testament, die hele kanon van die Nuwe Testament, is die enigste Boek waarop Jesus Sy eie seël geplaas het. En Hy het gesê, die eerste Daarvan: "Geseënd is hy wat lees en hy wat hoor." En aan die einde, het Hy gesê: "As enige mens enige deel Daaruit sal wegneem, of enigiets Daarby sal voeg, dieselfde sal weggeneem word, sy deel, uit die Boek van die Lewe." So, dit is 'n vloek vir enigiemand om enigiets weg te neem, hierdie is die volledige Openbaring van Jesus Christus. So, as ons Hom drie maak, weet julle wat gebeur het. Sien, jou naam gaan uit.

32 En niemand, geen Protestant, geen vroeë kerk het ooit geglo in drie gode nie. Dit was 'n groot strydpunt by die Niceense Raad, en altwee van hulle het tot uiterstes oorgegaan; na *hierdie* kant, as't ware. Die *drie-enige*, die drie-eenheidsmense wat in die drie-eenheid geglo het, wat uiteindelik die Katolieke kerk gevorm het, hulle het tot totale drie-eenheid oorgegaan, God "drie" mense gemaak. En daar was een wat geglo het God was "een," en hulle

het na die ander kant toe gegaan om 'n *unitariër* te wees. Altwee van hulle is verkeerd. God kan nie . . .

33 Jesus kon nie Sy eie vader wees nie, en Jesus kan ook nie 'n vader hê en Hy wees . . . daar sou drie gode wees. Dit—dit kan nie werk nie. Want as Hy 'n vader het, en 'n vader is 'n ander man behalwe Hy, dan het Hy gehad . . . en die Heilige Gees is nog een, is Hy 'n buite-egtelike kind. Die Bybel het gesê dat die Heilige Gees Sy Vader was. En as ons die Heilige Gees het, dan is dit nie die Heilige Gees nie, dis die Vader in ons in die naam van die Heilige Gees, wat die amp in ons gebruik, want dit was eenmaal in 'n man wat die Gees genoem is, en kom terug en Dis nou in ons, dieselfde Jehova God. Sien?

34 Daar is glad nie drie gode nie. Drie gode is heidens en ongelowig, en dit is oorgebring. En as julle net deur die week bly en nie bevooroordeeld sal wees nie, maar dophou, dit neem, geskiedenis. Neem dieselfde geskiedenisse wat ek neem of enigiemand, enige geskiedenis. Laat ons dit net weet, alle geskiedenisse stem ooreen. Daardie geskiedkundiges het nie enigiets met enige kant te doen nie, hulle is net geïnteresseerd om feite te noem, wat gebeur het. En kyk presies hoe daardie ding ingekruip het deur Luther en uitgekom het deur Wesley, en dan blootgelê in die laaste dae, die doop in die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees." Kyk net waar het dit ingekom in die Katolieke kerk in, in die Donker Eeue, uitgekom deur Luther, af deur Wesley, maar tussen Wesley en die Loadicése (aan die einde) moes dit blootgelê word. Dis reg. Nou, en dit is alles geskiedenis, en nie net geskiedenis nie, maar dis die Bybel.

35 En nou, vanaand, nader ons Sewe Kerktydperke wat sewe kerke was wat in Klein Asië was op die tyd dat die Boek geskryf is. Hierdie kerke op daardie tyd moes eienskappe gehad het van die kerktydperke wat sou kom, want . . . Daar was meer kerke as daardie, die Kolossense kerk en baie ander op daardie tyd, maar God het hierdie kerke gekies as gevolg van hulle eienskappe.

36 Nou, ons vind Hom wat staan tussen die sewe goue kandelare, Hy het sewe sterre in Sy hand gehad. En daardie sewe sterre, het Hy gesê, in die 20ste vers van die 1ste hoofstuk, dat: "Hulle is sewe engele aan die sewe kerke."

37 Nou, in die Bybel het hulle nie hierdie Openbaring verstaan nie. Want, wat sou dit hulle gehelp het om te waak en wag as hulle geweet het daar sou duisende jare wees voor Jesus sou kom? Dit is nie aan hulle gegee nie.

38 En ek sê dit, aan julle mense hier, julle Katolieke mense, aan julle Luterane, aan julle Metodiste, ensovoorts, dit is nie vir Martin Luther gegee, die Lig wat vandag op die Woord is nie. Dit is ook nie vir John Wesley gegee nie. John Wesley het heiligmaking gepreek, wat Luther oorgeslaan het. En die Lig kom soos ons Lig nodig het. God sê Dit, en Dit word nie vir

ons oopgemaak nie, omdat Dit verberg is vir ons oë tot die dag wat God in staat is om Dit te openbaar. Wonder wat dit sal wees na ons vertrek? Ja, ek is oortuig dat daar baie, baie meer is waarvan ons niks weet nie. Dit is reg. Daar's Sewe Seëls, as ons net die volledige Boek van Openbaring neem, wat verseël is op die agterkant van die Boek. Dit is nie eens . . . is nie in die Boek geskryf nie. En daardie Seëls moet oopgemaak word gedurende hierdie kerktydperk, en die laaste sewe verborgenhede van God moet beke- . . . gemaak word. O, ek sou dit net graag die hele winter lank wou hou en deurgaan Daarmee. Ja, meneer! Die Sewe Kerktydperke.

39 Soos Daniël die sewe donderslae gehoor het, en verbied is; en Johannes die stemme gehoor het, en hierdie Boek geseël is, en die agterkant van die Boek geseël is met Sewe Seëls; maar in die dae van hierdie Seëls wat oopgemaak moet word: "Sou die verborgenheid van God volbring word." Met ander woorde, God sou bekend wees aan Sy Kerk; nie in drie mense nie, maar as een Persoon. "Die verborgenheid van God sou openbaar word," en dan wanneer dit volledig geopenbaar is, dan sou die sewe verborgenhede oopgaan vir die Kerk; omdat, daarbinne, sou die Kerk lewe onder die inspirasie van die Heilige Gees, Hy wat in en uit beweeg en Sy tekens toon om lewend te wees en tussen ons, wat tussen ons lewe, en ons aanbid dan die lewende Christus wat tussen ons is.

40 Moet nooit soek na groot kerke en groot dinge nie. Wanneer ons by hierdie Pinkstertydperk kom, sal julle beslis sien waar hulle dit verloor het. Die einste kerk *Loadicea* beteken "ryk, niks nodig nie," en nakend, beklaenswaardig, blind, ellendig, en weet dit nie. Sien? Hulle het agter groot geld, en geboue, en al die res aangegaan.

41 Wanneer, die Kerk altyd die—die agtergeblewenes van die aarde was. En hier was hulle: gehaat deur alle mense, uitgewerp, in stegies, enige plek waar hulle kon lewe. Lees Hebreërs 11, en neem die laaste ses of agt verse daarvan, hoe "hulle rondgeloop het in woestyne, en—en skaapvelle en bokvelle gedra het, en gebrek gely het, en verdruk, en mishandel is." Daardie mense daar, hoe sal ons getuienis vergelyk met hulle s'n in die Oordeelsdag? Sien, daardie mense in daardie dag.

42 Nou, in hierdie kerktydperk . . . Ons het sewe kerke, nou wil ek dit uitgeplaas kry. Ek dink nie julle kan dit van hier af sien nie, miskien as party van julle kan, ek twyfel baie sterk, maar ek sal dit probeer maak, (ek weet julle kan nie, wat hier onderin sit nie), dit Sewe Kerktydperke maak. Ek sal dit op my hand hou sodat julle sal verstaan.

43 Dit begin, die Kerk het begin by Pinkster. Kan enigiemand dit ontken? Nee, meneer! Die Kerk het begin by Pinkster met 'n Pinksterseëning, en is verordineer deur Jesus Christus om voort

te gaan tot die laaste dag met dieselfde Boodskap en dieselfde seëning wat in ons werk. Sy laaste opdrag aan Sy Kerk, Markus 16: "Gaan die hele wêreld in, verkondig die Evangelie, vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Nou, waar? "Aan die hele wêreld." Aan wie? "Elke skepsel." Swart, bruin, geel, wit, watter skepsel dit ook al was, verkondig die Evangelie aan elke skepsel. "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Nou, vanaand kom ons nader daaraan, begin net insny vanaand, sny elke aand 'n groter stuk Daarvan af totdat ons onder by ons eie kerktydperk kom. Nou, ons vind dat dit Sy opdrag was.

44 Nou, die eerste kerktydperk was die kerk van Éfese. Die tweede kerktydperk was Smirna. Die derde kerktydperk was Pérgamus. Die vierde kerktydperk was Thiatire. Die vyfde kerktydperk was Sardis. En die sesde kerktydperk was Filadelfia. En die sewende kerktydperk was Laodicéa.

45 Nou, die eerste kerktydperk het omtrent 53 nC begin, toe Paulus die kerk in—in Éfese gevestig het. Op sy sendingreis, het hy die kerk by—by Éfese gevestig, die Éfesiese kerk, en was die pastoor daarvan totdat hy onthoof is in 66, wat hom omtrent twee-en-twintig jaar die pastoor van die Éfesiese kerk gemaak het. Na sy dood, word ons vertel, dat Paulus . . . of Johannes, die goddelike, die pastoor geword het van die kerk en dit verder laat voortgaan het in hierdie eeu in, en die kerktydperk het oorvleuel tot 170.

46 Toe, na die Éfesiese Kerktydperk, vanaf 53 nC tot 170 nC, toe het die Smirna Kerktydperk begin, wat geduur het van 170 nC tot 312 nC. Toe het die Pérgamus Kerktydperk ingekom, en die Pérgamus Kerktydperk het begin in 312 en geduur tot 606 nC. Toe het die Thiatire Kerktydperk ingekom, en die kerktydperk van Thiatire het in 606 begin en geduur tot 1520, die Donkereeue. En toe het die Sardis Kerktydperk begin in 1520 en geduur tot 1750, die Lutherse tydperk. Toe vanaf 1750, was die volgende tydperk wat ingekom het die Filadelfiese, Wesleyaanse tydperk; wat begin het in 1750 en geduur het tot 1906. En in 1906 het die Laodicése Kerktydperk begin, en ek weet nie wanneer dit sal eindig nie, maar ek voorspel dit sal voltooi wees teen 1977. Ek voorspel, nie die Here het vir my gesê nie, maar ek voorspel dit volgens 'n visioen wat vir my 'n paar jaar gelede gewys is, dat, vyf van daardie dinge (uit die sewe) alreeds plaasgevind het.

47 Omtrent . . . Hoeveel onthou daardie visioen, in die kerk? Sekerlik. Gesê dat, hoedat selfs Kennedy in hierdie afgelope verkiesing verkies sou word. Hoedat vroue toegelaat sou word om te stem. Hoedat Roosevelt die wêreld tot oorlog sou laat oorgaan. Hoedat Mussolini in die rigting van Etiopië sou gaan, sy eerste inval, en dit sou inneem; dit sou die einde wees, hy sou sterf daarna. Hoe hierdie groot ismes sou opkom en almal terugval in Kommunisme; Hitlerisme, en Mussolini, en Ko- . . . Nazïsme, ensovoorts, sou almal terugval in Kommunisme. En elf jaar

tevore, het dit gesê dat: "Ons sou oorlog maak met Duitsland, en Duitsland sou verskans wees agter beton," die Maginot Linie. Dit het net so gebeur. Gesê, dan daarna, so gebeur dat. . .sou gebeur dat die wetenskap so grootliks sou toeneem totdat hulle 'n motor sou ontwerp, die motors sou die heeltyd meer soos 'n "eier" word. En daardie visioen is vertel net hier waar die Kerk van Christus nou staan, by die ou Mes-. . .weeshuis. Charlie Kern, miskien in die gebou vanaand, het by die plek gebly op daardie tyd. Een Sondagoggend omtrent sewe-uur het dit gebeur. En Dit het gesê: "Dan sal gebeur dat hulle 'n motor sal ontwerp wat nie 'n stuurwiel daarin nodig gehad het nie, dit sou deur een of ander krag beheer word." Hulle het dit nou. Hulle het dit nou, in magnetiese krag, radiobeheer. Hulle hoef nie eers. . .jy stel jou radar na waarnatoe jy wil gaan, dit neem jou self, hoef nie te stuur nie.

48 Nou, en dit het gesê daarin: "Op daardie tyd, sal daar 'n groot vrou opstaan in die Verenigde State." En sy was welgeklee en mooi, maar sy was wreed van hart. En ek het in hakies oor die visioen, selfs geel papier, gesê: "miskien die Katolieke kerk." En die vroue wat toegelaat is om te stem, sou help om die verkeerde persoon te kies vir hierdie volk. En dis wat hulle gedoen het. Presies. Nou, gesê: "Dit sou die begin wees."

49 Nou nog iets wat dit gesê het, dat. . .Toe onmiddellik daarna, het ek hierdie volk sien smeul, net uitmekaar geskiet. Nou, as daardie dinge gebeur het, so sal hierdie ander. Ons is by. . .Dis hoekom ek hier is vanaand, om hierdie te probeer bring en dit aan hierdie mense by Jeffersonville te stel, want ek maak weer gereed om in die sendingvelde in te gaan binnekort, en ek weet nie watter tyd ek weggeroep of weggeraap mag word nie. Ek—ek. . .ons weet dit nie. En ek wil seker wees dat ek's. . .die kerk laat weet van die uur waarin hulle lewe, want Almagtige God sal my verantwoordelik hou daarvoor.

50 Nou—nou, elkeen van hierdie kerke, volgens die Skrif daar, het 'n engel gehad. En die engel was 'n. . .Hoeveel weet wat 'n *engel* beteken? Dis 'n "boodskapper," 'n boodskapper. En daar—daar was *sewe engele* na die sewe kerke, het "sewe boodskappers" beteken. Nou, en hulle was sterre in Sy hand. En in Sy hand hierdie—hierdie twaalf. . .hierdie sewe sterre wat die Lig van Sy teenwoordigheid moes weerkaats in die dag van nag waarin ons lewe. Soos die sterre die son weerkaats na die aarde, dit lig maak sodat ons kan loop, en rondgaan in die nag.

51 Nou vind ons dan uit, dat gedurende hierdie tyd, dat elkeen van hierdie engele 'n posisie en plek gehad het. En, broers, ons kom nie vanaand daarby nie, want ons ken hierdie engel van die eerste kerk, maar dit gaan 'n geheimsinnige en glorieryke ding wees om te vind en uit die geskiedenis uit te trek, voor julle, die engele van hierdie ander kerke. Die engel van die eerste kerk, was

Paulus, hy het dit gevestig, God se boodskapper. Die engel van die kerk van Éfese, was Paulus. Die kerk . . . Nou, hoekom ek . . .

52 Nou, hierdie ander mag julle nie saamstem nie, maar ek het daar gesit vir dae en dae onder inspirasie totdat ek die Heilige Gees my voel tref en my gesalf het daarvoor. Dis hoekom ek weet. En kyk na hierdie manne wat gekies is, as jy 'n geskiedkundige is, hulle . . . Dieselfde manne wat ek hier het, en ek weet deur openbaring dat hulle die engele na die kerk was, hulle het dieselfde bediening gehad wat hierdie aan die begin gehad het. En daardie bediening kan nie verander nie, dit moet pinkster bly die heelpad deur.

53 Nou, geskiedkundiges wat hier sit, gaan van my verskil oor hierdie man; maar oor die kerk van Smirna, is Iranaeus, wat ek weet die engel van daardie dag was. Polycarpus, baie van julle sal sê dit was liewer Polycarpus, julle sou sê dit was hy. Maar Polycarpus het meer na die organisasie geleun en na die Katolieke, godsdiens wat sou kom. Maar Iranaeus was 'n man wat in tale gepraat het, en die krag van God gehad het, en tekens het hom gevolg. Hy was God se Engellig, en hy het die Lig oorgetrek nadat Polycarpus gekruisig of vermoor is, in sluipmoord, toe was Iranaeus een van sy studente, en Polycarpus was 'n student van Paulus . . . of Johannes. En toe het Iranaeus sy plek geneem, en hy het die Lig gebring.

54 En die engel van die Lig van—van Pérgamus was die groot Sint Martin. Ek dink nie daar was ooit 'n groter man wat ooit op aarde geleef het, buiten Jesus Christus, as Sint Martin nie. Krag? Die sluipmoordenaars het na hom toe gekom om sy kop af te kap (hy het in tekens en wonders geglo, en die Pinksterseëning), en toe hulle gegaan het na, hulle sou hom vermoor in 'n sluipmoord, het hy sy kleed laat sak en sy nek uitgesteek vir hulle. En toe die sluipmoordenaar die swaard uitgetrek het om sy kop af te kap, het die krag van God hom weggeslaan van hom af, en hy het op sy knieë gekruip om hom te vra om . . . ? . . . Amen. Hy was 'n engel van die kerk.

55 Ander dinge. Kyk hoe hy . . . Een van sy broers is gehang, hy was op sy pad om hom te probeer vind, te sien wat gebeur het. En toe hy daar gekom het, het hulle hom klaar gehang. Hy het uitgestrek gelê, dood, en sy oë wat uit sy kop gepeul het. Hy het ingegaan na hom toe en op sy knieë geval en sy liggaam oor hom gelê vir 'n uur, gebid tot God. En die krag van God het oor die man gekom en hy het opgestaan, sy hand geneem en weggestap saam met hom net daar. Dis geskiedenis, net soos George Washington, Abraham Lincoln, of wat nog. Dis geskiedenis.

56 Ja, meneer! Sint Martin was die engel van die Pérgamus kerk, wat, die huwelikskerk wat hulle oorneem in Katolisisme daarna.

57 Die engel van die kerk van—van Thiatire was Columba.

58 Die engel van die kerk van Sardis, die dooie kerk. . .Die woord *Sardis* beteken "dood." Uitgekom met 'n naam, nie Sy Naam nie: "Maar 'n naam dat jy lewe, maar jy's dood." Kyk hoe hulle daardie doop uitgebring het in daardie dag. Sien, daaruit gekom. Die engel van die kerk van Sardis, was Martin Luther, die eerste hervormer.

59 Die engel van die kerk van Filadelfia, was John Wesley, die boodskapper.

60 En die engel van die kerk van—van Laodicéa, is nog nie bekend nie. Dit sal eendag wees, maar miskien hy. . .op aarde. "Hy wat 'n oor het. . ." [Leë kol op band—Red.] . . .weet dit is die tydperk waarin ons lewe. God sal dit bepaal.

61 Nou, let nou op, en ons sal nou by die Skrifte kom, terug na die eerste kerktydperk. Nou wil ek graag. . .Ek het 'n paar klein goedjies hier neergeskryf waarna ek wil hê julle aandagtig moet luister.

62 Die eerste kerk, die Éfesiese kerk, die werke van die kerk, waarvoor God hulle veroordeel het, was werke sonder liefde. Hulle beloning was die Boom van die Lewe.

63 Die kerk van Smirna was 'n vervolgde kerk, het deur verdrukkings gegaan. Beloning was kroon van die Lewe.

64 Die derde kerk, Pérgamus, die tydperk van vals doktrine, Satan wat gelieg het, en die grondslag van pouslike heerskappy, huwelik tussen kerk en staat. Die beloning was verborge manna en 'n wit keursteen.

65 Die kerk van Thiatire was die kerk van pouslike verleiding, die Donkereeue. Beloning was krag en mag oor nasies, en die Môrester. Dis die klein minderheid wat deurgegaan het.

66 Die kerk van Sardis was die hervormingstydperk, die groot sendings. . .of nie sending nie, maar verborge name, hulle het hulle eie name gehad. En die beloning was wit klere, en naam op die Boek van die Lewe (wat in die oordeel moet kom). Ons het dit nou die dag gehad, die Boek van die Lewe; jy moet geoordeel word uit die Boek van die Lewe. Die Heiliges word verander en geneem sonder dit, hulle gaan nie soontoe nie.

67 Die Filadelfia Kerktydperk was die tydperk van broederlike liefde, die groot opdragtydperk en die groot sendingtydperk, die oop deur. En die beloning was 'n—'n pilaar. Die name van God, moes in, gedurende—gedurende hierdie tydperk openbaar word, toe dit uitgegaan het rondom 1906. Goed.

68 Die Laodicése tydperk was die louwarm kerk, ryk, verryk in goedere, wat gebrek aan niks het nie; maar was ellendig, arm, blind en beklaenswaardig, en nakend. En die beloning was om te sit op die Troon saam met die Here, hulle wat daardie tydperk oorwin.

69 Nou om te verduidelik, vanaand, om julle 'n klein deeltjie te wys van die diens vanaand, gaan ons die 2de hoofstuk neem, die eerste kerktydperk. Nou ons . . .

Hy het openbaar en ons weet wie Hy is, Hy's God!

70 Nou, die kerktydperk het begin soos ek gesê het, rondom 53, tot 170. En (a) die stad van Éfese, een van die drie groot stede van Asië; dikwels genoem die derde stad van Christelike geloof (eerste was Jerusalem; tweede, Antiochië; en derde, Éfese). . . (c) 'n stad van groot handel en nywerheid. . . (e) die regering was Romeins. . . (f) die taal was Grieks. Geskiedkundiges glo Johannes, Maria, Petrus, Andréas en Filippus is almal daar begrawe. En Éfese was bekend vir sy skoonheid.

71 Christendom in Éfese was waar die Jode gewoon het, in Éfese. En dit is gevestig rondom 53 of 55 nC. Christendom is daar geplant deur Paulus. Later, het Paulus drie jaar spandeer in Éfese. Paulus se leer het 'n groot invloed gehad op die gelowiges in Éfese. Volgende, Timotheüs was die eerste biskop van die kerk van Éfese. Paulus het geskryf na die kerk in Éfese. In Paulus se tyd was dit 'n groot kerk.

72 Éfese beteken. . . die einste naam *Éfese* beteken "laat gaan, ontspan, teruggeval." Genoem deur God: "Die teruggevalle kerk." God—God het eers hulle werke erken, hulle arbeid, en hulle lydsaamheid. God het hulle lewenswyse bestraf, die verlaat van hulle eerste liefde, vir terugval, en omdat hulle nie meer Lig gedra het nie. Éfese was nie 'n misleide kerk nie, dit het self gefaal, deur nie voort te gaan in volmaakte liefde nie.

73 Opsomming van Éfese: Vrugte, sonder liefde, het gelei tot afvalligheid. Die beloftes: Paradys belowe vir die oorwinnaar, van die heiliges van Éfese in die kerktydperk, gegee aan die Boom van die Lewe.

74 Hier is iets pragtigs. Die Boom van die Lewe word drie keer genoem in Génesis, drie keer in Openbaring. Die eerste keer wat dit genoem is in—in Génesis, was in Eden, en Christus was die Boom. Die drie keer wat dit genoem is in Openbaring, was Christus in die Paradys. O, dis ryk. Die Here seën.

75 Nou begin ons die 1ste hoofstuk van Éfese. . . of die 1ste vers van die 2de hoofstuk, die Éfesiese kerk:

> *Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dit sê Hy wat die sewe sterre in Sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:*

76 Johannes is die—die boodskapper op daardie tyd. Wat wandel tussen hierdie sewe goue kandelaars, is Jesus Christus, die Almagtige God. Wat doen Hy? Hy het nie gesê Hy het gewandel in *een* kandelaar nie, Hy het gewandel tussen hulle almal. Waarop dui dit? Dat Hy dieselfde God is, gister, vandag, en tot in ewigheid, en in elke kerktydperk vir elke gelowige. Hy

kom na. . .met die Heilige Gees na elke kerktydperk en na elke persoon; dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

77 "Hou in Sy regterhand." *Regterhand* beteken Sy "gesag en krag." Hou in Sy regterhand (onder, beheer) die sewe boodskappers na die sewe kerktydperke. O, ek hou daarvan. Hom sien rondstap deur hierdie kerktydperke, die Christus, wat Homself bekend maak aan Sy mense af deur hierdie Donkereeue, af deur elke tydperk; terwyl die kerk formeel en teruggetrokke geraak het, en party een kant toe gegaan het en party 'n ander, maar daardie klein minderheid van die kerk het steeds vasgehou, en Christus het met hulle gewerk, Sy Woord bevestig; vleg Dit regdeur.

78 Dis so maklik om te sien hoedat ons gekry het wat ons vandag het, wanneer jy hierdie begin bestudeer. Nou, hier aan die begin. . .Ek reken julle kan almal so hoog sien. [Broer Branham illustreer op die swartbord—Red.] Hier's een kerktydperk, dis Pinkster. Die tweede kerktydperk, derde, vierde, vyfde, sesde, sewende kerktydperk. Nou, as julle baie goed hierna sal kyk, die Kerk het begin by Pinkster. Hoeveel glo dit? Julle sien wat het by Pinkster gebeur? Dan kyk ons na die kerk soos dit ondertoe aangaan. Dit begin net 'n bietjie meer uitdoof, 'n bietjie verder, 'n bietjie verder; 'n klein bietjie, dis onder soos *daardie* soos die regte ware Kerk uitgaan.

79 Nou, die Christus. . .maak nie saak hoe klein die Kerk is nie: "Waar twee of drie van julle ook al in My Naam vergader is, sal Ek in hulle midde wees." Wanneer hulle vergader is in wat? In die naam van die Metodis? Naam van die Baptis? Naam van die Pinkster? Naam van Jesus! Waar twee of drie ook al saam vergader is, maak nie saak hoe klein dit is nie. En hulle gaan so klein wees in die laaste dae totdat, Hy gesê het, Hy sou vinnig moes kom en die werk kortknip of daar sou geen vlees vir die Wegraping gered word nie. "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam!"

80 Nou, die eerste ronde, die apostels. Nou, ons sien dit is die begin, Pinkster. Hy loop rond, dieselfde groot God, dieselfde groot tekens moes plaasvind reg af deur hierdie tydperke, omdat Hy tussen elke tydperk gewandel het. Wat geseën? Sy mense wat in Sy Naam vergader het.

81 Ek wil hê julle moet hierin dophou soos ons deur die kerk gaan. *Hierdie* kerk het Jesus se Naam gehad. *Hierdie* kerk het Jesus se Naam gehad. *Hierdie* kerk het Jesus se Naam gehad. En *hierdie* kerk het Dit verloor. *Hierdie* kerk het uitgekom, die Lutherse tydperk, met "'n naam dat jy lewe, maar jy's dood." En gaan reguit af tot die einde van *hierdie* tydperk; en tussen hierdie tydperk en *hierdie* tydperk word daar 'n oop deur gesit wat weer daardie Naam terugbring na die kerk. Kyk nou en sien of dit die

Waarheid is, nadat ons dit hier kry in die Skrifte. Daar tussen die—die tydperke.

82 Nou, môre-aand sal ek probeer om hierdie hierbo op te sit sodat ons almal dit kan sien. En ek sal miskien môremiddag afkom en skets vir . . . party van die—die planne waaroor ek met julle wil praat. En as enige van julle die geskiedenis het, bring hulle saam. Of vat julle notas en gaan af na die biblioteek of iewers en kry die geskiedenis, en lees dit en kyk of hierdie reg is.

83 Nou die 1ste vers. Wat doen Hy? Hy salueer hulle.

> *Skryf aan—aan die engel van die gemeente in Éfese . . .* (aan Johannes)*; Dit sê Hy wat die sewe sterre in Sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:* (dis 'n saluut)

84 Nou die 2de vers en die 3de vers, prys Hy hulle:

> *Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, . . . dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;*

85 Sien, daardie afvalligheid het alreeds begin inkom, in hierdie eerste tydperk. Alreeds net daar begin; omdat die uitverkore en ware Kerk wat die beginsels van die Bybel wou onderhou, en die Woorde wou onderhou wat Jesus gesê het in Sy getuienis, hulle het alreeds begin wegtrek. Iets het begin gebeur, en daar het valse leraars opgestaan, mense wat verkeerd geleer het, teenstrydig met die Skrif, wat iets probeer inbring of iets wegneem.

86 Dis hoekom Hy hierdie openbaring aan die kerk gegee het en gesê het: "Wie ook al wegneem of byvoeg, jou deel sal uit die Boek van die Lewe geneem word." Dis verlore, broer! Moet jy net nie met God se Woord lol nie! Maak net nie saak wie Dit seermaak of wat Dit seermaak nie, sê Dit net in elk geval. Net soos Dit daar geskryf is, dis hoe. Ons het nie enige groot iets anders nodig nie, ons het nie enige priester of enigiets nodig om Dit vir ons uit te lê nie, God die Heilige Gees is die uitleêr. Hy gee die uitleg.

87 Nou, as julle oplet, weggedraai van die booshede en die valse profete gevind, nadat hulle vals bewys is, wat 'n vorm van godsaligheid besit het. Sien hoe die kerk formeel begin raak het gedurende daardie tyd? Hulle het soort van die mense begin afbreek wat onder die inspirasie van die Heilige Gees was, mense soort van met hulle laat begin spot.

88 Wel, het Jesus nie gesê: "Geseënd is julle wanneer julle vervolg word om geregtigheids ontwil" nie? Hy het nooit gesê om te begin formeel raak nie. Hy het gesê: "Verbly julle, en wees uitermatig verheug, want hulle het die profete vervolg wat voor julle was." Hy het dit gesê, was in die saligsprekinge, in Mattheüs 5: "Geseënd is julle!" Wel, om die mense jou te laat spot omdat jy die Here Jesus liefhet, is 'n seën vir hulle net om dit te sê. Hulle

net . . . Wanneer hulle jou vervloek, bring hulle God se seëninge af oor jou. Dit slaan terug op hulle, soos dit het op Biléam daardie keer. Dit—dit slaan terug op hulle. Wanneer hulle jou probeer bespot as 'n Christen, wel, dit slaan terug op hulle, en God gee 'n seëning, want: "Geseënd is julle as die mense julle vervolg om My Naam's ontwil." Om Sy Naam's ontwil: "Geseënd is julle!"

89 Nou vind ons uit dat hulle wou begin en in 'n vorm van godsaligheid inkom.

90 Nou, ek kan net hier stop en iets sê, dink ek sal. Het julle opgelet dat elke herlewing . . . Nou, predikerbroers, gaan julle dit na. Elke herlewing bring 'n tweeling voort, net soos Jakob en Rebekka 'n tweeling voortgebring het: Esau en Jakob. Ek bedoel Isak in plaas van . . . Isak en Rebekka, in plaas van Jakob. Isak en Rebekka het 'n tweeling voortgebring. Die vader was heilig, die moeder was heilig, maar hulle het twee seuns gehad wat gebore is: Esau en Jakob.

91 Nou, albei van hulle was godsdienstig. Maar Esau, wanneer dit gekom het by werke en dade, as 'n goeie wettiese, was hy waarskynlik 'n beter seun, die heel pad deur, as wat Jakob was. Het julle dit geweet? Jakob was net 'n klein seuntjie wat die heeltyd om sy ma rondgehang het. Maar Esau het uitgegaan en gewerk, uitgegaan en wildsvleis gekry om vir sy ou blinde pa te gee wat 'n profeet was, hy het probeer sorg vir hom. Maar Jakob het net een ding in gedagte gehad, hy wou daardie geboortereg hê! Hy het nie omgegee hoe lank hy moet rondhang of wat hy ook al moes doen nie, die hoofsaak in sy lewe was die geboortereg! En Esau het dit verag.

92 Nou sien julle nie die natuurlike man—die natuurlike man nie? Wanneer 'n herlewing kom, is daar twee soorte mense wat uit elke herlewing kom. Daar's 'n natuurlike man wat gaan, en hy sal opkom na die altaar en sê: "Ja, meneer, ek aanvaar Christus as my Verlosser." Hy sal uitgaan, en wat gebeur met hom? Die eerste ding waarvan jy weet, sal hy eindig in 'n goeie koue, formele kerk, omdat hy dink: "Wel, as ek by die kerk aansluit, is ek net so goed soos die volgende man. Is ek nie net so goed soos *So-en-so* nie? Watter verskil maak dit, solank ek aan die kerk behoort en my belydenis aflê?" Wel, dis 'n groot verskil. Jy moet wedergebore word. Jy moet die geboortereg hê.

93 En Jakob het nie omgegee hoeveel daar vir hom gelag word nie. Hy wou daardie geboortereg hê, en hy het nie omgegee hoe hy dit moes kry nie.

94 Nou, baie mense wil nie hulle geboortereg kry nie, want hulle dink dat Dit net 'n bietjie ongewild is. Hulle wil nie kniel by die altaar en 'n bietjie huil, en sonder 'n paar maaltye klaarkom, en—en so-iets nie. Hulle—hulle—hulle—hulle wil dit nie doen nie. Baie van die vroue . . . baie, julle weet, grime- . . . grimering aan, hulle dink as hulle huil, gaan hulle dit dalk afwas, sal dit

weer moet aansit. Wel, hulle. . . dis. . . En ek bedoel nie om dit ontheiligend te sê nie, ek hoop nie dit klink so nie, maar dis die waarheid. Hulle wil Dit net nie hê nie. Hulle wil nie die Nuwe Geboorte hê nie, want die Nuwe Geboorte is soort van morsig. Dis net soos enige ander geboorte. Enige geboorte is 'n gemors, ek gee nie om waar dit is nie. Of dit in 'n varkhok of in die skuur is, of as dit in 'n pienk, versierde hospitaalkamer is, dis 'n gemors.

95 En so is die Nuwe Geboorte 'n gemors! Amen. Dit sal jou dinge laat doen wat jy nie gedink het jy sou doen nie; op 'n hoek staan en 'n tamboeryn slaan, of sing: "Glorie aan God! Halleluja! Prys God! Eer aan God!" Wel, jy sal optree soos 'n maniak. Dis wat dit gedoen het aan die apostels, dis wat dit gedoen het aan die maagd Maria, sy het opgetree asof sy dronk was. Sy was 'n gemors in die gemeenskap, maar dit verg 'n gemors, vir lewe om daaruit te kom. Amen!

96 Tensy enigiets sterf en verrot, kan lewe nie daaruit kom nie. Tensy 'n man sterf en verrot in sy eie gedagtes, kan Christus nie in sy hart inkom nie. Wanneer jy vir jouself probeer dink: "Nou, as ek oploop na die altaar en sê: 'Ja, Here, ek's—ek's 'n goeie kêrel, ek sal U aanneem. Ek sal my tiendes betaal. Ek sal hierdie doen,'" jy moet sterf en net daar verrot vir jou gedagtes. Laat die Heilige Gees oorneem en net doen wat Hy wil met jou. Raak soort van morsig daarmee. Dit klink verskriklik, nie ontheiligend nie, maar dit is die Waarheid. Dis die enigste manier wat ek ken om die ding uit te wys om julle Dit te laat verstaan.

97 Wat 'n groter gemors as daardie statige klomp Jode daardie dag, as om hierdie mense daar te sien uitkom met hakkelende lippe? Julle weet wat 'n hakkel is? Huh, huh, uh, uh, uh, uh. . . ?. . . Ander tale, en opgetree soos dronk mense. [Broer Branham demonstreer hoe 'n dronk persoon optree.] Huh, huh, uh, uh, uh. Dis presies wat hulle gedoen het. Hulle het morsig gelyk!

98 En hy het gesê: "Is hierdie manne almal vol nuwe wyn?"

Maar nadat een soort van tot homself gekom het, het hy gesê: "Dit moet julle weet, en luister na my woorde, diegene is nie dronk soos julle veronderstel dit is nie." Maar hy het teruggegaan na die Skrif: "Dit is dié waarvan die profeet Joël gepraat het: 'En dit sal gebeur in die laaste dae,' sê God: 'Ek sal My Gees uitstort op alle vlees.'"

99 Dis hoe die Kerk eers gebore is. Hoeveel glo dat God oneindig is? Dan kan Hy nie verander nie. En as dit Sy idee was van 'n Kerk in die begin, is dit die soort Kerk wat Hy aan die einde sal hê. Hy kan nie verander nie. So, hoe gaan jy vervang deur 'n hand te skud, of besprinkeling, of—of een of ander ding wat nie net daar gebeur het nie? Elkeen van die apostels het reguit teruggegaan soontoe.

100 Nadat hulle al hierdie gedoen het. . .Heilige Gees op hulle geval het, het Petrus gesê: "Kan ons water weier, siende dat diegene die Heilige Gees ontvang het soos ons het aan die begin?" En hy het hulle beveel om gedoop te word in die Naam van die Here Jesus. Dis reg.

101 Paulus het soontoe gegaan en mense gevind wat geskree het, 'n wonderlike tyd gehad het, klomp Baptiste wat God verheerlik, en hy het gesê, Handelinge 19, hy het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang nadat julle geglo het?"

Hulle het gesê: "Ons weet nie of daar enige Heilige Gees is nie."

Gesê: "Hoe is julle gedoop?"

Hulle het gesê: "Ons is gedoop deur dieselfde man wat Jesus gedoop het, Johannes die Doper."

102 Hy het gesê: "Ja, dit sal nie meer werk nie." Sien? Petrus het dit klaar verseël op die Dag van Pinkster. Hy het die sleutel gehad. Sien?

Gesê: "Dit sal nie meer werk nie, julle moet weer oor gedoop word." So hy het hulle weer oor gedoop, in die Naam van die Here Jesus Christus. Sy hande op hulle gelê, en hulle het dieselfde soort resultate gehad as wat hulle daar aan die begin gehad het. Die Heilige Gees het op hulle geval, hulle het in tale begin praat en profeteer.

103 Nou, dit was die Kerk af deur die eeu. Nou, dit het net hier begin aan die begin.

"Ek ken julle lydsaamheid. Julle vreeslike lankmoedigheid, Ek weet dat. . .Nou, onthou, Ek is Hy wat tussen die kandelare wandel. Ek ken julle lydsaamheid, en julle werke en julle arbeid, en julle liefde, ensovoorts. Ek weet alles wat julle gedoen het. En Ek weet dat julle hierdie mense beproef het wat hulleself 'profete, apostels' noem, en gevind het dat hulle leuenaars is." O, dis nogal reguit, nie waar nie? Ek is nie verantwoordelik daarvoor nie, Hy is. Hy het gesê hulle was leuenaars.

104 Maar die Bybel het gesê: "Beproef 'n man. As daar enige onder julle is wat geestelik is of 'n profeet, of sê hy is, sal Ek, die Here, Myself bekend maak aan hom. Ek sal met hom praat in visioene, en in drome. En as wat hy sê plaasvind, luister dan na hom; moenie bang wees vir hom nie, sien, omdat Ek met hom is. Maar as dit nie plaasvind nie, moet dan nie na hom luister nie, hy het nie My Woord nie." Sien, as dit Sy Woord is, sal dit gebeur.

105 Nou, hulle het uitgevind hierdie kêrels het nie aangegaan volgens die Bybel nie. Sien, hulle het iets anders probeer kry. (Ek wil hê julle moet nou julle dinkpet ophou, waar ons by die goud gaan uitkom net oor 'n paar minute.) Nou, toe het Hy gesê: "Ek sien wat julle. . .dat julle lankmoedigheid het, en lydsaamheid

en . . . met hulle. Julle het hulle beproef, en uitgevind hulle is nie apostels nie. Hulle is nie."

106 Nou, soos ek gesê het om mee te begin, voor ons weer hiermee begin, elke herlewing bring 'n tweeling paar voort. Een is 'n geestelike man; die ander een is 'n natuurlike man van die aarde: "Ek het by die kerk aangesluit, ek is net so goed soos enigiemand." En dis wat hierdie herlewing voortgebring het. Dis wat, elke herlewing. Dis wat Luther s'n voortgebring het, dis wat Iranaeus s'n voortgebring het, dis wat Sint Martin s'n voortgebring het, dis wat Columba s'n voortgebring het, dis wat Wesley s'n voortgebring het, en dis wat Pinkster voortgebring het. Net presies.

107 Sien julle hoe het hulle tot saad oorgegaan? Hulle kerke gebou, en voortgegaan, en mooi groot plekke en (my, goeiste!) staan op en herhaal die Apostoliese Geloofsbelydenis. "Ek glo in die Heilige Roomse Katolieke Kerk, en die gemeenskap van die heiliges." Enigiemand wat in die gemeenskap van die heiliges glo, is 'n spiritualis. Enigiets wat gemeenskap het met die dooies, is van die duiwel. Dis presies reg. Ons het een middelaar tussen God en die mens, dis die mens Jesus Christus. Dis reg. Dis wat Petrus gesê het. En julle dierbare Katolieke mense noem hom "die eerste pous, en Petrus wat die eerste pous was wat saam met Jesus gewandel het."

108 En toe het hy gesê: "Daar's geen ander middelaar tussen God en die mens nie." En hierdie, julle het tienduisend ander vandag. Waarom het dit soveel verander vandag, as die kerk onfeilbaar is en nie verander nie? En al julle misdienste word in Latyn gehou sodat dit nie sal verander nie. Wat het gebeur? Waar sal julle ooit die Apostoliese Geloofsbelydenis in die Bybel kry? As die apostels enige geloofsbelydenis gehad het, was dit: "Bekeer, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot vergewing van julle sondes." Ek het nog nooit gehoor van enige ander geloofsbelydenis wat hulle geken het, of enigiets anders opgesê het nie.

109 Maar toe dit gekom het by "Heilige Roomse kerke" en al hierdie ander dinge, en "God die Almagtige Vader wat hemel en aarde bewaar." Dis onsin. Sien? Dis reg. Dit is nie in die Bybel nie. Daar is nie so-iets soos daardie in die Skrif nie. Dis 'n opgemaakte geloofsbelydenis wat hulle opgemaak het. Maar dis . . . al die gebede en alles is 'n opgemaakte ding.

110 Ons kan sien vandag dat ons Protestante, wanneer ons hierop ingaan, net reguit van hulle af kom. En net soos Billy Graham Sondag gesê het: "Die mense was al soveel verkeerd dat hulle dink hulle is reg terwyl hulle verkeerd is." Dis reg. Dis die waarheid. Ek's bly dat ek . . . Natuurlik weet ek Billy Graham het die Heilige Gees ontvang onder George Jefferies daar oorkant, maar een van hierdie dae sal hy daar uitkom. God

gebruik hom net nou daar, want hy kan daardie koninkryk skud waarby niemand anders kwalik kon inkom nie. Maar julle kan sy prediking sien, dat daar iets agter dit is, as gevolg van sommige van hierdie skuddende-hand Baptiste. Ja, meneer!

111 Nou:

> *Ek ken jou werke, . . . en jou lydsaamheid, . . .* dat *jy nie* kan *nie . . .*

112 Laat ons nou sien, ek het die . . .

> *Ek ken jou werke, en jou arbeid en jou lydsaamheid, . . . dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;*

113 Hy het hulle leuenaars bevind. Hoe het hulle dit geweet? Hulle het nie die Woord aangehaal nie.

114 Nou, as 'n man sê dat: "Hierdie Bybel sê in Hebreërs 13:8: 'Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid,'" die man het gesê: "Ag, die dae van wonderwerke is verby," dan is daardie man 'n leuenaar.

115 As die Bybel gesê het: "Bekeer, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes," en elke plek in die Bybel sê dieselfde ding, en elkeen wat ooit gedoop is in die—in die Bybeltyd is gedoop in die Naam van Jesus Christus, en hy beveel hulle om gedoop te word, besprinkel, of so-iets soos daardie, is daardie man 'n leuenaar, bevind as 'n valse profeet.

116 Ek hoop ek maak nie gevoelens seer nie, maar ek . . . Broer, jy—jy kan nie Hierdie troetel nie, dis tyd, trek die handskoene uit en hanteer die Evangelie. Sien? Dis die Waarheid.

117 Nou, wys my iets anders. Wys my waar een persoon ooit gedoop is op enige ander manier as in die Naam van Jesus, sien, buite die Katolieke kerk. So as jy so gedoop is, is jy nie in die Christenkerk nie, jy's in die Katolieke kerk, want jy's gedoop. Hulle eie *Sondag Besoeker*, die kategisme het gesê, die vraag: "Sal enige Protestante gered word?" Gesê: "Baie van hulle, omdat hulle ons doop het en baie dinge soos daardie." Gesê: "Hulle maak aanspraak op die Bybel, en die Bybel het gesê 'doop in die Naam van Jesus Christus,' en ons het dit van daar af geneem en dit 'Vader, Seun, en Heilige Gees' gemaak en hulle buig daarvoor." Sekerlik. Sien? Nie 'n—nie . . . Dis nie 'n—dis nie 'n Christendoop nie, dis 'n Katolieke doop.

118 Het julle my in 'n aand gehoor: "Is julle ooit gedoop in *Christen*doop?" *Christen*doop, Christus: "Jesus Christus," nie in een of ander titel nie.

119 Nou, die 3de vers nou. Goed, 2de en 3de vers. Nou die 3de vers:

> *En dat jy verdra het en lydsaamheid besit* het, *en ter wille van My naam gearbei het en nie moeg geword het nie.*

120 "Ter wille van My Naam." Het julle opgelet hulle het lydsaamheid gehad? Gearbei vir wat? Sy Naam. Sien hoe hou daardie Naam stand in daardie kerk? Nou hou dit dop, wanneer ons afgaan deur die week, hoe dit wegsterf en uitgaan in 'n ander naam. Sien? "*Het lydsaamheid gehad, gearbei, ensovoorts, en ter wille van My Naam.*" Hy...Hulle het gearbei ter wille van Sy Naam.

121 Om die Naam van Jesus Christus te hou bo enige kerk, bo enigiets anders, laat dit eerste in wees. "Wat ook al..." Die Bybel het gesê: "Wat julle dan ook al doen in woord of in daad, doen dit alles in die Naam van Jesus Christus." Is dit reg? "Wat julle dan ook al doen in woord of in daad." As jy trou, 'n persoon trou; as jy nie kan nie, as hulle heeltemal deurmekaar is in hulle huwelik, moet hulle glad nie trou nie. Sien? As jy nie vrylik kan sê: "Ek verklaar julle man en vrou in die Naam van Jesus Christus" nie, laat hulle aangaan. Goed. As jy hulle wil doop, doop hulle in Jesus se Naam.

122 As jy iets moet doen wat jy nie kan doen in Jesus se Naam nie, los dit uit! Iemand sê: "Drink 'n drankie." Jy kan dit nie doen in Jesus se Naam nie, so los dit uit! Iemand sê: "Speel 'n bietjie kaart." Jy kan dit nie doen in Jesus se Naam nie, so los dit uit! 'n Klein, vuil, smerige grappie by jou brugpartytjie, jy kan dit nie vertel in Jesus se Naam nie, so los dit uit! Sien? Jy kan nie kortbroek dra in Jesus se Naam nie, so los dit uit! Ek kan aangaan, maar ons...julle weet waarvan ek praat. Goed. Jy kan dit nie doen nie. Wat jy nie in Sy Naam kan doen nie, los dit uit! Want, Hy het gesê: "Wat julle dan ook al doen in woord en daad, doen dit alles in die Naam van Jesus Christus." Goed, nou.

123 Nou gaan ons...Dis die...Hy het hulle geprys daarvoor. Nou gaan ek praat oor die klagte nou in die 4de hoofstuk...of 4de vers, liewer.

> *Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.*

124 O! "Ek het iets teen jou. Jy was lydsaam, jy het gestaan vir My Naam." Sou dit nie net 'n goeie ding wees vir hierdie tabernakel vandag nie? Ja, meneer! "Julle was reg, en julle het baie lydsaamheid gehad, en 'n lang tyd verduur, maar die ding is...Julle het gestaan vir My Naam. Ek waardeer dit alles. Ek—Ek prys julle daarvoor, dis goed. En Ek het gesien julle beproef hulle wat sê hulle is apostels ensovoorts, en hulle leuenaars bevind, hulle stem nie ooreen met die Woord nie. Ek—Ek waardeer dit alles. Maar daar is iets wat Ek teen julle het, en dit is dat julle julle eerste liefde verlaat het. Julle het daardie liefde verlaat wat julle eers gehad het vir daardie goeie, outydse,

Heilige Gees dienste, en julle het soort van agteruit begin gly na daardie formele, inkom met 'Onse Vader . . .'" Onsin! Sien?

125 Al hierdie hoëlui, en iemand moet uitkom met 'n groot kleed aan hulle (julle weet, om in die koor te sing, julle weet), en die opgesmuktheid oraloor hulle hare en alles, en klomp grimering om hulle gesigte, en hulle sing soos ek weet nie wat nie.

126 Hier nie lank gelede nie, as dit nie die Oral Roberts diens was nie, sou ek beslis 'n klomp uitgeroep het. Ek was—ek was by die Sakemanskonvensie en dit is gehou . . . ons het nie gehad . . . daardie aand sou ek preek. Hulle kon dit nie daar oorkant hou in die hotel nie, en hulle het my na—na Oral Roberts se gebou toe gevat. En toe ek in Oral se studeerkamer gesit het, was daar 'n klomp Pinksterkinders (o, jong manne en vroue, sestien, sewentien jaar oud, agtien) wat almal daarbuite gestaan het; omtrent dertig of veertig van hulle wat sou sing een of ander soort van 'n—'n klein . . . vir my geklink soos een of ander soort van 'n overture deur iemand waarvan Becky praat, Tchaikovsky of een of ander van daardie goed soos daardie; ek weet nie, party van daardie soort van liedere, klassieke lied. En hier was hulle, die broers sou 'n offerhande opneem buite in die diens, en elkeen van hulle het saamgegaan en het 'n klein bekertjie gehad, gemaak of hulle blind was en al die grappe en aanganery wat jy ooit gehoor het, onder daardie seuns en meisies, en gepraat soos enigiets. En daardie meisies met genoeg verf aan hulle, kon amper Oral se gebou geverf het. En daar was hulle soos daardie, en hulleself "Pinkster" genoem. Hulle het hulle eerste liefde verlaat!

127 Ek sal beslis saamstem met David duPlessis: "God het geen kleinkinders nie." Nee, meneer! Ons het Metodiste kleinkinders. Ons het Baptiste kleinkinders. Ons het Pinkster kleinkinders. Maar God het geen! Julle is seuns en dogters. Julle kan nie inkom op julle ma of julle pa omdat hulle goeie manne en vroue was nie, julle moet dieselfde prys betaal wat hulle het. Julle moet gebore word net soos hulle was. God het glad nie enige kleinkinders nie. Jy is 'n seun of dogter; of, jy's nie 'n kleinseun nie, dis een ding wat seker is.

128 Na 'n diens toe gegaan daar, en hulle daar . . . na 'n goeie Pinkster Gemeente kerk. Man, julle moes daardie vroue sien skarrel het toe hulle my sien inkom; met daardie kort, gesnyde hare, en daardie ou halfgeklede, soos 'n weense worsie omtrent, julle weet, afgeskil in daardie rokke soos daardie, Pinkstervroue, so wulps aangetrek.

129 Julle sal daarvoor moet antwoord, die Oordeelsdag. Julle gaan skuldig wees aan owerspel pleeg, Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg in sy hart." En as jy jouself so aan 'n man voorstel, wie's skuldig? Jy of die man? Wees korrek! Vlug van die einste voorkoms van boosheid! Sien? So daar het julle dit.

130 Wat het julle gedoen? Hulle *eerste* liefde verlaat. O, jy kan hulle nie op 'n hoek kry met 'n tamboryn om hulle hande te klap en God te prys nie. O, nee! Hulle sal een of ander klassieke iets sing met 'n klomp klede om hulle. Sien, hulle het hulle *eerste* liefde verlaat. Dis wat verkeerd is met die eerste kerk. Sien?

131 Hulle moet net optree soos die wêreld. Hulle moet aantrek soos die wêreld, lyk soos die wêreld, optree soos die wêreld. En hulle geliefkoosde televisiester hê, julle weet, hulle kan net nie mis om dit te sien nie. *Ons Is Lief Vir Susie* of so-iets, julle weet, hulle moet dit net sien. Hulle sal by die huis bly uit die biduur en enigiets anders om dit te kyk. Indien nie, sal hulle die pastoor goed uitskel, om hulle betyds uit te laat sodat daardie program kan aankom en sodat hulle kan huistoe gaan om dit te kyk. Die liefde van die wêreld meer as die liefde vir God!

132 O, te formeel, hulle kan nie meer "Amen!" sê nie. My, goedheid, dit sal van hulle grimering laat kraak. Sien? Hulle het Dit nie meer nie. Dis Pinkster. Dis nie Baptis nie. Hulle het Dit nooit gehad om mee te begin, die—die Presbiteriaan nie. Ek praat van Pinkster. Dis reg. Ek weet dis baie naar, broer, maar ons wil 'n geboorte uit hierdie ding kry; moet dood bring voor jy 'n geboorte kan hê. Sien? Sien? Dis die Waarheid. Maar daar het julle dit, julle eerste liefde verlaat. Ek . . .

133 As God dit teen *hierdie* kerk gehad het, het Hy dit teen *daardie* een ook! "Omdat jy jou eerste liefde verlaat het, het Ek dit teen jou. Ek het iets teen jou, dis My klagte. Jy het eers 'n wonderlike tyd gehad, maar jy—jy het die wêreld laat inkruip, en jy het 'n bietjie formeel begin optree. Jy hou nog steeds vas aan My Naam, en jy doen nog die dinge wat reg is, en jy het baie lydsaamheid ensovoorts, en jy arbei, jy's soos 'n muil, jy arbei en werk net."

134 Goeiste! Goeiste! Goeiste! Sien, jy het genade en geloof en krag verlaat om dit vir arbeid en werke te verruil. "Wel, ek sê jou Broer Branham, ek—ek help elke weduwee wat ek kan." Wel, dis 'n goeie ding, ek prys jou daarvoor. Maar waar is daardie eerste liefde wat jy gehad het? Uh-huh, uh-huh. Waar's daardie vreugde wat jy altyd gehad het? Soos Dawid eenmaal uitgeroep het: "O Here, herstel aan my die vreugde van my verlossing?" Waar is daardie heelnag bidure, en trane op jou wange? My, goedheid, die Bybel is selfs stowwerig en het spinnerakke Daarop. Jy lees ou liefdesverhale, en nuus en dinge; en dinge wat nie veronderstel is om gepubliseer te word en uitgesit behoort te word vir 'n—'n vullisblik, en ons Pinkstermense tel dit op en hang daaroor soos 'n klomp vlieë op 'n vullisblik. Dis reg. O, genade! Wat ons nodig het, is: Terug na ons eerste liefde! Terug na Pinkster! O, ek beter wegkom van daar af. Goed. Maar, julle verstaan: "Daardie eerste liefde verlaat."

135 Die 4de vers, 5de vers nou. 'n Waarskuwing, die 5de vers, 'n waarskuwing: "Onthou en bekeer!" Sien?

> *Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, . . . (*Waar het jy vandaan gekom? Van pinkster af, het jy geval na waar jy nou is, teruggeval*) . . . en bekeer jou en doen die eerste werke. (gaan weer terug na pinkster) . . . Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van* s-y . . . (Sien wie dit is, nie waar nie?*) . . . sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.*

136 Ander woorde, as julle 'n God-vervulde pastoor het, gevul met die Heilige Gees, en julle probeer hom onder julle vinger hou, sê: "Wel, as hy enigiets sê oor ons wat 'n beklede koor het, as hy enigiets sê oor ons wat grimering dra, sal ons hom net ekskommuniseer." Moenie bekommerd wees nie, God sal dit doen voordat julle 'n kans kry. Hy sal uitgaan en vir die klippe op die straat preek, voor hy toegee oor daardie soort goed. Julle 'n pastoor het wat regtig vir jou die Waarheid vertel, behoort julle God te eer en in die Gees te bly, en God te aanbid, met die besef dat julle verlore sal gaan as julle dit nie doen nie. Sien?

137 Maar mense lewe vandag asof hulle gaan . . . hierdie die enigste ding is wat daar was: "lewe hier op aarde, dis al." Julle besef nie julle het 'n siel wat hier gaan vertrek en êrens heen gaan nie. En julle seël julle bestemming net hier, die manier waarop julle lewe en hoe julle maak, buite aan die wrokke koester, en gemeen, en alles, en dan kerk toe hardloop. O, genade! Sjoe! Skaam julle.

138 Julle bring 'n skande oor—oor die saak van Christus. Is dit nie reg nie? Doen ons dit nie? Die dranksmokkelaars maak nie die Kerk seer nie; is nie *dit* nie. Dit is nie die prostituut wat die Kerk seermaak nie. Dis die mense wat bely om Christene te wees wat die Kerk seermaak. Ons weet wat die dranksmokkelaar is en wat die prostituut is. Wanneer ons susters aantrek soos 'n prostituut, is dit anders, *dit* is wat die Kerk seermaak. Wanneer die man drink soos die dranksmokkelaar, wel, dan, is dit wat die Kerk seermaak. Hulle bely om 'n Christen te wees en dan doen hulle dit. Die mense kyk na jou daardie naam . . . "Laat hom wat selfs die Naam van Jesus Christus noem, wegbly van sonde." Sien? Wegkom daarvan.

139 O, ons skiet so te kort, broers. Ek, julle, almal van ons, ons—ons skiet te kort van wat Christus wil hê ons moet wees. En net hier in hierdie dag is dit tyd om elke sonde af te lê wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop te hardloop wat voor ons lê. Predikers, dis reg, broers. Dis presies reg.

140 "Onthou en bekeer, of Ek sal die Lig van die ster uit sy plek verwyder." Wat is sy plek? In die Kerk. "Maar as julle nie bekeer en teruggaan na waar julle was op julle eerste plek nie, sal Ek julle pastoor net wegneem van julle en hom uit sy plek uitbeweeg;

Ek sal hom iewers anders plaas waar sy . . . waar Ek My Lig sal weerkaats wat skyn." Hmm! Was dit nie ernstig nie?

141 Dis tyd vir die kerke om te bekeer. Dis tyd vir Pinkster om 'n klomp van hierdie blinkgepoetste geleerdetjies uit die preekstoele uit te kry, en die outydse prediker daar in te kry, wat vir julle die Waarheid sal vertel; nie sal rondpaai en die kerk vir 'n etekaartjie sal gebruik, groot lone, en so-iets soos daardie, en sielkunde, en 'n paar perdewedrenne, en sop-aandetes, en alles anders nie. Dis tyd om terug te kom na die Evangelie. Ek gee nie om hoe klein julle is nie: "Waar twee of drie vergader is, sal Ek—sal Ek in hulle midde wees."

142 "Bekeer, voor Ek kom en die kandelaar verwyder; hom wegstuur, sy lig elders te skyn."

Nou die 6de vers. Nou hier's die een waarmee ons gaan probleme hê. Nou, as julle nie bekeer nie, sal Hy kom en die pastoor wegneem.

*Maar dit het jy, . . .*

143 Nou, onthou. O, moet dit nou nie mis nie. Hierdie gaan die res daarvan saamsluit, reg af tot by hierdie wat ons . . . tydperk waarin ons nou is. Voel almal goed, eers? [Gemeente sê: "Amen!"—Red.] Is julle haastig? [Gemeente sê: "Nee!"] Goed, nou. Goed, verdra dan net 'n bietjie. ['n Broer sê: "Bly heelnag."] Nou . . . Dankie.

*Maar dit het jy, . . . (*Hulle het dan iets gehad, het hulle nie? Nou, wat het hulle gehad?*) . . . dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.*

144 "Jy haat daardie werke van die Nikolaïete." Daarbo in die studeerkamer gesit vandag, het ek iets hier geskryf daaroor, ek wil hê julle moet nou aandagtig luister, dis 'n paar bladsye hier. Die 6de vers, lof en saamgestem; dis, God en die Kerk het oor een ding saamgestem, dat hulle "die werke van die Nikolaïete gehaat het"; die ware Wynstok, die ware Wynstok, die ware Kerk wat in hierdie Éfesiese kerk was.

145 Nou, onthou, elke kerk het sy formeles en elke kerk het sy geestelikes. Dis die tweeling wat gebore word uit elke herlewing en in elke kerk leef. Hulle het reg in *hierdie* tydperk begin en eindig in *hierdie* tydperk. En uiteindelik, het die formeles dit oorgeneem in die Thiatire Tydperk, en Luther het dit weer uitgetrek. En nou swaai dit weer reguit terug in. Kan julle daardie formele godsdiens sien? Daar's geen verskil tussen dit en Katolisisme nie. Dis alles dieselfde ding. Elke organisasie is reguit daar ingeslag. God het nooit Sy Kerk georganiseer nie. Dis presies wat hulle hier probeer doen het. En hou julle nou dop en kyk of dit nie reg is nie, julle net wys hoe vervloek 'n organisasie is. Dit was—dit was vreemd vir die nuwe Kerk, die Nuwe Testamentiese Kerk. Sien?

*Maar . . . jy . . . Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.*

146 Die ware Wynstok het die formele werke van die Nikolaïete gehaat, soos God het. Wat werke was in die Éfesiese kerk, in die kerk van Éfesiërs, het 'n doktrine geword in die Pérgamus kerk. In Éfese, die eerste kerk, was dit 'n daad, in die volgende kerk het dit 'n doktrine geword. Kan julle Dit hoor? Kan julle Dit nou verstaan? Dit was 'n daad in Éfese, en kyk, hier oorkant in Pérgamus, het dit 'n doktrine geword. Dit het net hier begin in 'n babatjie vorm. Nou, binne 'n minuut gaan ons uitvind wat dit was. Hier is Paulus se *wolwe*: "werke van die Nikolaïete."

147 Nou wat . . . Laat ons daardie woord afbreek en uitvind wat ons het voordat ons enigsins verder gaan. Die woord *Nikolaïet* is soort van 'n vreemde ding vir my. Ek het elke Griekse leksikon gekry wat ek—ek kon kry. Nikolaïet kom van die woord van *Niko*, N-i-k-o. Wag, ek dink ek het dit hier neergeskryf. N-i-k-o, *Niko*, wat beteken "om te verower of omver te gooi." *Niko-laïete*: "die lekedom omver te gooi of te verower." Wat hulle hier probeer doen het, was om die kerk te neem waar God pastore gehad het, en die Gees van God wat beweeg het deur gawes in die Kerk van die lewende God, en, hulle het 'n doktrine laat begin dat hulle sommige priesters sou hê, en biskoppe, en pouse, ensovoorts. Dit, het God gesê, het Hy gehaat! Hy haat dit nog vandag. Niko-laïete, (*Niko*: "verower") of: "gooi die lekedom omver." Die *lekedom* is "die kerk." Hoeveel weet dat die lekedom die kerk is? Goed: "Omver werp of verower, of die plek van die lekedom neem."

148 Met ander woorde, al die gewydheid neem, al die krag wegneem uit die kerk, en dit oordra na die priesters; "Laat die gemeente lewe soos dit wil, maar die priester is die heilige." Die Heilige Gees wegneem van die mense met tekens en wonders wat hulle volg, en dit wegneem en vir hulle 'n heilige priesterdom gee. Die Heilige Gees wegneem en Dit verruil vir 'n priesterdom. Sien julle wat dit was? Dit was 'n . . . Dit het uiteindelik geword . . . In hierdie kerk *hier*, was dit 'n werke; en *hierdie* plek het dit 'n doktrine geword; en Thiatire, het dit oorgeneem. En toe Luther uitgekom het, kon dit nie so bly nie, het dit weer reguit teruggegaan en weer oorgeneem: biskoppe, kardinale, aartsbiskoppe. Wie in die wêreld is die hoof van God se Kerk behalwe Hyself? Amen! Sjoe! Nou voel ek godsdienstig. Die Heilige Gees is gestuur om die Kerk te regeer; nie net die prediker nie, die hele gemeente! . . . net die prediker heilig wees, dis, die hele Kerk het die Heilige Gees.

149 En in plaas Daarvan, in plaas van om die Gees te hê om dit te maak, het hulle 'n klein beskuitjie en 'n kraakbeskuitjie geneem, en 'n bietjie wyn, en noem dit "Die heilige *Eucharistie* wat 'Heilige Gees' beteken." Hoe op aarde kan 'n kraakbeskuitjie en 'n stukkie wyn 'n gees wees? Nou, as—as dit so is, moet jy

Handelinge 2 so lees: "Toe die dag van Pinkster aangebreek het, hier het 'n Roomse priester opgekom met die pad en hy het gesê: 'Lek uit jou tong' en hy het 'n beskuitjie daarop gelê, en hy het die wyn gedrink, gesê: 'Nou het jy die Heilige Gees.'" Nou, nou ons dink dis verskriklik. Dit is.

150 Nou laat ons afgaan; ek is georden in die Baptiste kerk, laat ons ons Baptiste neem. Uh-huh. Hmm? Die Metodis, wat doen ons? "As jy sal bely dat 'Jesus Christus die Seun van God is,' is jy gered." Die duiwel glo Hy's die Seun van God, en bewe as gevolg Daarvan; glo dit waarskynlik meer as wat baie kerklidmate dit doen. Die duiwel glo dieselfde ding en bewe, omdat hy weet hy's verlore.

151 Nou neem ons dit in die Metodiste vorm, hulle—hulle sê dat "Johannes het nie gedoop nie," dat: "hy besprinkel het." Gesê: "Daar was baie molle in die land, en—en die water het opgestoot uit daardie plekke. En hy het 'n mosselskulp gehad en hy het water uit 'n molsgat uitgeskep." En hulle preek dit sowaar. "En het 'n bietjie water in hierdie molskulp gehad, of hierdie mosselskulp, uit die molsgat, en die mense besprinkel." Onsin! O, broer!

152 Wel, hier sal ons dit neem: "Toe die dag van Pinster aangebreek het, was hulle almal in een plek, eendragtig. En die pastoor het afgekom en 'n goeie preek gepreek, en sê: 'Gee vir my die regterhand van gemeenskap en ons sal jou naam op die boek sit.'" Dit klink nie reg nie, nie waar nie? Jy mag dit kry in . . . Jy kon dit nie kry in 'n almanak nie, hulle het beter geweet as dit. Die ou *Dames Se Verjaarsdagalmanak* is meer korrek as wat dit sou wees.

153 Wel, wat het dit dan veroorsaak? Die Nikolaïete wat 'n klomp manne ingebring het wat die Skrif verdraai het, en 'n denominasie gemaak het wat God nie daarin kan laat beweeg nie. Sterf net daar! Toe het Hy hier gesê: "Jy's dood! Jy het 'n 'naam' dat jy lewe, maar jy's dood!" Baie van hulle, dood, en weet dit nie.

154 Ek en my broer het daarbo visgevang, toe ons klein seuntjies was. En ek het 'n ou hapwaterskilpad gevang, en ek het sy kop afgekap; hom van die lyn afgekry, wou nie met daardie ding lol nie; en hom bo-op die oewer gegooi daar. En my broertjie het verbygekom, en hy het gesê: "Wat het jy 'n rukkie gelede gevang?"

Ek het gesê: "'n Waterskilpad."

Hy het gesê: "Wat het jy met hom gemaak?"

Ek het gesê: "Daar, hy lê, *daar*, en sy kop lê *daar*bo."

En hy het soontoe gegaan. En hy het gesê: "Is hy dood?"

Ek het gesê: "Sekerlik! Sy kop van sy lyf geskei, hy moet dood wees."

155 So, toe het hy ’n stok opgetel, en begin afbuk om hierdie waterskilpadkop terug te gooi in die rivier, en toe. . .of die stroompie. En toe hy het, het die ou waterskilpad dit gegryp. Julle weet, hulle sal hap vir ’n uur of twee. Hy het teruggespring, hy het gesê: “Haai! Ek dog jy het gesê: ‘Dit was dood.’”

Ek het gesê: “Hy is.”

Hy het gesê: “Wel, hy weet dit nie. Nee.”

156 So, dis hoe baie mense is: dood en weet dit nie! Nikolaïete! O, goeiste! O, Hy het gesê: “Jy haat dit.” Neem al die volle, goeie heilige priesters, heilige kardinaal, heilige biskop.

157 En party van julle Pinksters: “Die groot opsiener, laat hom afkom. Die algemene opsiener, hy sal vir julle vertel of julle die genesingsdiens hier kan hê of nie. Ha, ha.” Halleluja! Die Heilige Gees is die een om dit te sê of nie, God se Ewige Woord.

158 “Wel, Broer Branham, ons glo dat die Bybel wel leer ‘doop in Jesus se Naam,’ maar die algemene opsiener het gesê dat, as ons dit begin in ons kerk, sal hy ons almal uitskop.” Gaan voort. Dis reg. Ek sal liewer hier uitgeskop word as om Daar uitgeskop te word. So, as jy enigiets *hier*uit wegneem, sal jy in elk geval Daar uitgeskop word, so jy kan net sowel hier uitgeskop word. As hy jou hier uitskop, sal jy Daar ingeskop word. So dis net dieselfde ding, so bly reg Daarby.

159 Ons wil reg wees. O, goeiste, dis ’n ernstige ding, broer. Ons moet hierdie ding reg kry. Ons sal nooit in staat wees om ’n Kerk te hê tot God ’n fondasie kry om dit op te lê nie. Hy sal nooit Sy Kerk bou op ’n klomp onsin nie. Hy moet op Sy Woord kom, of Hy sal glad nie kom nie; reg op Sy Woord.

160 Iemand het nie lank gelede nie, daarbo gesê: “Broer Branham, kom uit na die Chautauqua.” Hoeveel was by die Chautauqua? Wel, kyk net hier, ’n derde van die kerk of meer was by Chautauqua. Wat. . . Nou, daardie man het daar opgekom daardie middag, en julle het hom almal gehoor, sonder om te weet ek sou daarvan weet. God kan openbaar in die kamer daarbo wat hulle daaronder sê, en, julle weet, Hy het dit gedoen. Daar opgekom, gesê: “Nou, Broer Branham, o, hy’s ’n dienaar van die Here. Wanneer die Gees op hom is, is hy gesalfde profeet, hy weet beslis, God vertel hom wat is en wat gaan wees; maar sy teologie, moenie daarna luister nie.”

161 Wat ’n verdraaide idee! Hoe ’n man dit kan sê? Tog, ek het nie. . . Wel, as jy nie split-boontjies van koffie kon onderskei nie, sou jy—sou jy beter geweet het as dit. Hoe kan jy ooit aan so-iets soos daardie dink? “Hoekom?” Wel, die einste woord *profeet* self beteken “’n goddelike openbaarmaker van die Woord.” Hoe kan jy. . . Die Woord van die Here het na die profeet gekom. Ek het nie gesê ek was een nie, hulle het dit gesê. Maar daar het julle dit. Sien?

162 Hoe 'n man . . . Om 'n klein kerkdoktrinetjie te handhaaf iewers, omdat hulle organisasie nie Daarmee sou saamstem nie. Jou geboortereg te verkoop vir 'n kooksel, Esau, jou ellendige skynheilige! Dis reg. Die verkoop van jou geboortereg vir 'n kooksel, vir 'n kooksel denominasie, 'n kooksel organisasie wat God haat. Onthou net, jy sê "organisasie," God haat dit! Dis die ding wat broers geskei het, en afgebreek het . . . Daar's baie Metodiste, Baptiste, en Presbiteriane, vanaand, wat graag die gemeenskap om die tafel van God sou wou hê. Maar as hulle dit doen, sal hulle reguit uitgeskop word die eerste keer wat hulle Daarin begin ingaan. Dis presies reg.

163 "Mamma het daaraan behoort," en hulle is net 'n kleinkind om mee te begin. O, goeiste! Ek gee nie om waaraan mamma behoort het nie, mamma het in al die Lig gelewe wat sy in haar dag gehad het, jy lewe in 'n ander dag.

164 Die wetenskap het eenkeer bewys, omtrent driehonderd jaar gelede, deur 'n bal om 'n sfeer te tol, gesê: "As enige voertuig ooit die verskriklike spoed van dertig myl per uur sou beweeg, sou swaartekrag dit van die aarde af lig en dit in die ruimte inneem." Dink julle die wetenskap glo dit vandag? Hulle hardloop negentienhonderd myl per uur. Hulle kyk nie om om te sien wat hulle gesê het nie, hulle kyk om, kyk wat hulle kan sien deur vorentoe te kyk.

165 Maar die kerk wil altyd omkyk, sien wat Wesley gesê het, wat Moody gesê het, wat Sankey gesê het. "Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo," kom ons kyk vorentoe! Enigste ding in die Bybel wat omkyk . . . Weet julle watter soort dier kyk altyd om? Die laagste lewe wat daar is. Hoeveel weet wat die laagste lewe is wat daar is wat beweeg? 'n Padda. 'n Padda is die laagste lewe wat daar is, en 'n mens is die hoogste lewe wat daar is. En 'n padda kyk om. Ek hou nie van daardie ou lae lewe nie. Ek wil vorentoe kyk, glo, vertrou, wandel in die Lig soos Hy in die Lig is, amen, soos Hy die Lig skyn.

166 Eenkeer onder in Kentucky, het ek 'n diens gehou, 'n ou kêrel het uitgekom, en hy het gesê: "O, ek glo nie daardie genesing nie."

En ek het gesê: "Wel, dis in die haak, jy's 'n Amerikaner."

Hy het gesê: "Ek—ek glo nie enigiets as ek dit nie sien nie."

En ek het gesê: "Wel, dis in die haak."

Hy het gesê: "Nou, nou ek het niks teen jou nie, maar ek—ek glo nie wat jy sê nie."

Ek het gesê: "Dis jou Amerikaanse voorreg, jy hoef nie."

Hy het gesê: "Nou, ek aanvaar niks as ek dit nie duidelik kan sien nie." Hmm!

Ek het gesê: "Wel, nou ek . . . dis—dis goed, jy moet van Missouri af kom."

Gesê: "Nee, ek's 'n Kentuckiër." Sjoe!

"Klink nie te goed vir Kentucky nie," het ek gesê. "Maar, in elk geval," ek het gesê: "as jy . . . dit is hoe jy dink, gaan voort." En hy het gesê—hy het gesê . . . Ek het gesê: "Hoe gaan jy huis toe?"

167 Hy het gesê: "Ek gaan oor die heuwel. Ek woon oor . . . Wel, gaan oor saam met my." Gawe man. Gesê: "Gaan huis toe saam met my, bly heelnag, Broer Branham."

Ek het gesê: "Ek wens ek kon, broer. Maar, het ek gesê: "Ek gaan hier op saam met my oom." En hy het gesê . . . Ek het gesê: "Wil jy oorry?"

Gesê: "Nee, ek moet opgaan oor die heuwel daarbo, op hiernatoe, en af met 'n leegte, en op," julle weet hoe dit daaronder is.

En ek het gesê: "Wel," ek het gesê: "hoe gaan jy daar kom?"

Hy het gesê: "Ek gaan op met die paadjie daar."

"Wel," ek het gesê: "jy kan nie jou hand voor jou sien nie." Ek het gesê: "Hoe gaan jy daar opkom?"

Gesê: "Ek het 'n lantern!"

En ek het gesê: "Wel, hoe maak jy . . . Wat doen jy, steek daardie lantern aan en stap dan daarmee?"

Hy het gesê: "Ja, meneer."

Ek het gesê: "Wanneer jy daardie lantern aansteek, kan jy dit hoog ophou soos *hierdie*? Ek wil graag jou huis sien."

Hy het gesê: "Jy kan dit nie sien nie."

Ek het gesê: "Hoe gaan jy dan daar kom?"

"O," hy het gesê: "ek sal net die lantern aansteek, en soos ek loop, dit . . . Ek loop net soos die lig . . . "

Ek het gesê: "Dis net reg. Amen, wandel net in die Lig."

168 Hou net aan loop! Moenie stilstaan nie, jy sal nooit nêrens kom nie. As jy gered is, loop na heiligmaking. Jy sê: "Hoe kom jy daar?" Hou net aan loop. "Is die doop van die Heilige Gees na heiligmaking? Hoe kry ek dit?" Hou net aan wandel in die Lig. "Is tekens, wonders, en wonderwerke . . . ?" Hou net aan wandel in die Lig. Sien? Hou net aan! Elke keer as jy 'n tree neem, sal die Lig net 'n bietjie voor jou uit spring, want Hy's altyd voor jou. Hy stoot nie, Hy lei. Hy is die Lig. O, ek's so bly daaroor. Is julle nie? Hy is die Lig, in Hom is daar geen duisternis nie.

169 "Jy haat die werke van die Nikolaïete." Het 'n doktrine geword. Nou, kom ons kyk wat Paulus . . . Nou, wie se kerk . . . Wie het nou hierdie kerk gevestig? Paulus, Éfese.

170 Kom ons blaai nou terug na Handelinge, die 20ste hoofstuk, net 'n oomblik. In Handelinge, die 20ste hoofstuk, en kyk wat Paulus . . . Glo julle Paulus was 'n profeet? Natuurlik, was hy. Sekerlik, hy was. Onthou daardie nag, die visioen op die

stormagtige see, ensovoorts? Nou, . . . en alles daarvan. Nou die 20ste hoofstuk van Sint . . . van Ekso- . . . Handelinge, en kom ons begin nou omtrent die—die 27ste vers, en luister nou aandagtig terwyl ons lees. Nou, hierdie is Paulus, 'n profeet, wat voorspel wat gaan gebeur.

*Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.*

171 Daardie geseënde man! O, ek wil daardie dag daar staan en sien dat die martelaarskroon op sy kop geplaas word. As daar so-iets is dat ek kan huil, dan sal ek huil. Ek sal skree, om Paulus te sien.

Die Heilige Paulus sien, daardie groot apostel,
Met sy helder skone kleed;
En ek's seker daar sal uitgeroep word
Wanneer ons almal daar kom. (Is julle nie?)

172 Nou:

*. . . ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.*

173 Is dit reg? Nou, Christene, kyk hiernatoe; wil vir julle iets vra. Wie was dit wat die mense beveel het wat enige ander manier gedoop is, behalwe die Naam van Jesus Christus, om te kom en oorgedoop te word? [Gemeente sê: "Paulus."—Red.] Hy het die hele raad verkondig. Is dit reg? Wel? En wat het Paulus gesê in . . . ek dink dit was die . . . ek's nie seker nou of dit Thessalonicense, die 1ste hoofstuk en die 8ste vers is nie. "As ons of 'n engel uit die Hemel enige ander Evangelie sou verkondig, as 'n engel neergedaal het uit die Hemel en enige ander Evangelie verkondig het as hierdie" (as om mense te beveel om oorgedoop te word in die Naam van Jesus Christus, en die Evangelie wat Paulus verkondig het) . . . "As enige engel uit die Hemel" (nie 'n . . . wat nog van 'n biskop, of 'n kardinaal, of 'n algemene opsiener, of 'n pastoor, of—of iets) . . . "As 'n engel uit die Hemel neergedaal en 'n ander evangelie verkondig het behalwe Hierdie, laat hom vervloek wees." Dis reg. Is dit reg? Wat hy gesê het, dis Galásiërs 1:8. Ek het sommer net daaraan gedink. Goed, Galásiërs 1:8, as julle dit wil neerskryf, sien wat Paulus gesê het.

174 Nou, hier sê hy . . . Nou die 27ste, ek dink die 27ste vers:

*Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.*

175 Nou luister wat hierdie . . . Hierdie is 'n profesie:

*Gee dan ag op julleself en op die hele kudde oor . . . waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel . . . om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur Sy eie bloed gekoop het.*

176 Wie het gekoop? Wie se bloed was dit? Die Bybel het gesê dit was God se Bloed. God, met Sy eie Bloed. Is dit reg?

> *. . . die gemeente van God te versorg, wat Hy deur Sy eie bloed gekoop het.*

177 Die Bybel het gesê ons is gered deur die Bloed van God. Het julle dit geweet? Sekerlik, sê Dit. Goed:

> . . . die *deur Sy eie bloed gekoop het.*

> *Want ek weet dit, dat na my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie.*

> *Ja, uit julleself . . . (*Kyk, daardie man kon afkyk daardeur en daardie ding sien kom.*) . . . uit julleself sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan.*

178 [Leë kol op band—Red.] Jare later soos hy . . . Of 'n klomp manne wat 'n organisasie wil maak en die—die gewydheid en die Heilige Gees wegneem uit die kerk, en dit op biskoppe en pouse en priesters plaas, om . . . hulle sal heilig wees, en die gemeente lewe op enige manier wat hulle—manier wat hulle wil. En hulle sal die priesters betaal en hy sal hulle uit die hel bid, en alles soos daardie. En dis 'n Nikolaïetiese! En God het gesê: "Ek haat dit!" Nou luister.

"Laat ek sien, en jy sê: 'God het gesê Hy het dit gehaat'?"

179 Nou kom ons kyk of Hy het:

> *Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat.*

180 God haat 'n organisasie. Dit reg? Nou sien julle presies wat hulle sou doen, julle sien wat hulle gedoen het. Nou kyk af deur die kerk of hulle dit nie doen nie. Hy haat 'n organisasie!

> *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê . . .*

181 Nou, Paulus se *wolwe* het "Nikolaïete" geword. Hulle het probeer om 'n priesterdom te vorm soos die Levitiese priesterdom, wat vreemd was vir die Nuwe Testament doktrine. Amen! Die woord *Niko*, die Griekse woord *Niko* beteken "om te verower, oorwin." Wat oorwin? Die lekedom, die Heilige Gees. Die verrese Here Jesus uit die kerk uithaal met tekens en wonders onder die gelowiges, en manne inbring wat ingestem is om 'n pous te wees, of 'n karnaal kardinaal, of 'n opsiener wat die Heilige Gees probeer wegneem van die lekedom en dit vir 'n orde gee, wat die heilige orde van manne genoem word, wat hulle oor die *lekedom* plaas; nie om hulle *pastore* te noem wat "herders" beteken nie, maar *vader*; wat Jesus gesê het: "Julle moet geen mens 'vader' noem op hierdie aarde nie." Sien daardie bose ding? En wat het ons gedoen?

182 O, as ons kon stop. Wens ons het nie al hierdie aande so opgebondel gehad soos hierdie nie, ek sou graag môre-aand wil neem oor die 12de hoofstuk van Openbaring en vir julle wys

daardie ou prostituutvrou wat daarbo sit, die hoer. En sy . . . die rede waarom sy was, omdat sy hoerery gepleeg het . . . met God, en haarself 'n weduwee genoem het, en sy was ook 'n moeder van hoere. Is dit reg? Nou, ons weet dat dit Rome was, omdat sy op sewe heuwels gesit het, en alles net presies, 'n man in haar en die getal van die dier, ensovoorts. Ons weet dit almal uit vorige lesse, wie dit was. Maar die hartseer ding daaromtrent is, sy was die moeder van hoere. Dit is die begin van haar net hier, het in Rome begin as 'n klomp Christene, sogenaamde Christene.

183 Luister! God help my om dit werklik te maak! 'n Klomp Christene in 'n kerk soos hierdie. Hulle het formeel geraak, en onverskillig, en eenkant, en vir hulleself 'n organisasie gemaak. En dit toe met die staat verenig, in die Donkereeu. En die staat en die kerk het een wat geword? Christenkerk: "Heilige Katolieke kerk" is dit genoem, (Die woord *Katoliek* is, die woord beteken: "universeel"), "die groot universele Christenkerk." En die mense wat in tale gepraat, en geskree, en die siekes genees het, ensovoorts, "ketters" genoem. En dit uiteindelik so ingeperk, dat enigiemand wat gevang is wat so aanbid, in die leeukuil gegooi is, as hulle nie Katolisisme wou aanvaar nie. Dit het aangegaan vir al hierdie honderde jare destyds daar in daardie vervolging. Maar daardie Kerk het nooit gesterf nie. Jy kan Dit nie doodmaak nie. God het gesê Dit sal leef tot die einde en dan sal Hy Dit 'n kroon van die Lewe gee. Kom af deur daardie eeue van vervolging.

184 Toe het Martin Luther gekom om die tydperk voort te sit en hy het die kerk uitgeswaai onder regverdigmaking. Wat het gebeur toe Luther gesterf het? Hulle het dit georganiseer, dit 'n Lutherse kerk gemaak; hulle het 'n doktrine. Toe hulle dit georganiseer het, wat het hulle gedoen? Dit weer 'n geboorte reguit in Roomsheid in, gegee. Presies reg.

185 Toe het die Heilige Gees daar uitbeweeg en Wesley het Dit gesien. En Wesley, en Whitfield, en George Whitfield, en baie van daardie ander, en—en Asbury, en baie van hulle was groot herlewingsmanne. Hulle het die wêreld gered in daardie dag. Hulle het 'n herlewing in daardie Filadelfiese Tydperk gehad wat Engeland gered het, en die Verenigde State ook. Hulle het byeenkomste gehad waar hulle uitgeskop is en "holy-rollers" genoem is. Was julle Metodiste, wat dit gedoen het; hulle het op die vloer neergeval onder die krag van God, en hulle sou water in hulle gesig gooi en hulle koel waai. Dis reg. En hulle het so hard daaronder geruk, totdat hulle gekry het . . . totdat hulle gesê het "hulle het die rukkings." Daar was mense wat sou ruk en skud onder die krag van die Heilige Gees. Dis Metodiste geskiedenis. Van daar af het die Kwakers gekom ensovoorts; wat hulle nou georganiseer het.

186 Hulle het *hierdie* Metodis gemaak, Primitiewe Metodis, en *hierdie* soort Metodis, en d*aardie* soort van 'n Metodis, totdat so

laag gedaal het totdat die Metodiste mense die "Bloed" uit hulle sangboeke uit wil haal.

187 Hier nou die aand, op 'n televisieprogram, (My ma het my gebel.) het hulle 'n Metodiste pastoor gehad, net hier in Indiana, wat ruk-en-rol in die kerk leer. Gesê: "Dis 'n skande dat ons nie hierdie pragtige kuns gesien het, wat in die kerk ingaan nie."

188 Dis die duiwel in 'n valse profeet! Reg! Wil nie jou gevoelens seermaak nie, maar broer, dis die God se Waarheid. Ek sal julle liewer 'n bietjie kwaad maak na hierdie kant en julle die Skrif laat bestudeer, miskien laat regkom met God, as om verlore te gaan aan die einde. Jy mag my dalk nie nou liefhê nie, maar eendag sal jy jou arm om my sit, sê: "Broer Branham, dis Waarheid." Hier is dit net hier, en hulle gaan in daarin. Dis waar hulle . . . Dis net daar. Die Bybel het gesê hulle sou dit doen.

189 Toe van Wesley af, as Wesley dit gedoen het, toe het die Pinksters gekom. En hulle het die herstel van die gawes gekry, in tale begin praat, die Heilige Gees doop.

190 Net soos die mieliepit opkom uit die grond. Die eerste ding, verrot dit. Bring 'n paar blare voort. Dan dit . . . Jy het 'n mielieland, dink jy. Daardie blaar word groot en maak 'n pluim. Die eerste, was Lutheraan. Die pluim, wat was dit? Metodis; die stuifmeel, die broederliefde, en evangeliseer, die stuifmeel wat uitgaan na die ander.

191 Wel, selfs die natuur maak aanspraak op hierdie kerktydperke. Metodis wat uitkom uit chaos . . . of, ek bedoel, Lutheraan wat uitkom uit chaos. Metodis wat sy broederliefde afskud, en evangelistiese dag, en die—en die dag van—van sendeling. Die grootste sendingdag wat die wêreld ooit geken het, was Metodiste tyd. Dis reg. Wat sy stuifmeel afskud.

192 Wat het daaruit gekom? Uit daardie stuifmeel het 'n mieliekop gekom, Pinksters. 'n Pit, net soos wat ingegaan het. Nie 'n blaar nie, nie 'n pluim nie, maar 'n pit. En nou het die—die Pinksters 'n swam oraloor daardie pit, totdat dit . . . jy kan skaars die pit sien. Dis tyd om dit skoon te maak! Amen! Wat het hulle gedoen? Het dieselfde ding gedoen wat die Metodiste gedoen het. Een het vir hulle 'n klomp georganiseer, gesê: "Ons is die Gemeentes van God." Die ander een: "Ons is die Pinksterheiligheid." Ander een: "Ons is die Eenheid." "Ons is die Tweeheid." En—en daar is soveel van *hierdie,* en soveel van hulle. Goeiste! Ry eenboggelkameel, tweeboggel, drieboggels, alles. O, daar's sestig, of dertig, of veertig verskillende organisasies van hulle.

193 Wat het hulle gedoen? Dit weer reguit teruggegooi in Roomsheid, gedoop in die doop van die Roomse Katolieke Kerk. Ek vra enige Pinkster om vir my te wys waar enigiemand in die Bybel gedoop is in die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees." Ek vra enige biskop, kardinaal, enige leraar, om vir my te wys

waar dit ooit, ooit gedoen is buite die Katolieke kerk. En Luther het dit saam met hom gebring, hy het kategisme en al die res daaruit gebring. Metodis het voortgegaan daarmee. Pinksters, julle behoort julle te skaam! Maak skoon! Kom terug na die Woord! Bekeer, of God sal die kandelaar wegneem van julle, die Lig wat julle het. Amen! Goed.

194 Neem die Heilige Gees uit die leier en gee vir hulle 'n heilige orde van manne, en plaas hulle oor die lekedom. En noem hulle nie "pastoor, herders" nie, (Ons is veronderstel om *pastore*: "herders" genoem te word, die woord *pastoor* beteken.) maar "vader, kardinaal, aartsbiskop, of algemene opsiener." Die waaragtiges het hierdie ding gehaat! En God het dit ondersteun vir hulle, en gesê: "Ek haat dit ook!" Omdat Hy veronderstel is om die algemene opsiener te wees, die aartsbiskop, en die pous. Hy werk met elke individu; nie 'n organisasie nie, maar 'n persoon.

195 Nou, vreemd. . . Luister, soos ons die einde nader. Ons het net nog een vers.

196 Hier het ons die dogma van Katolisisme se begin, apostoliese opvolging. Hoeveel weet dit? Apostoliese. Nou, die Katoliek sê dat: "Die pous vandag, is die opvolger van Petrus, apostoliese opvolging." Daar's nie so-iets nie. Hoe is julle vleeslike, seksuele begeerte. . . Hoe was dit dat Esau en Jakob albei gebore is uit 'n heilige vader en 'n heilige moeder, en een van hulle 'n Christen en die ander een 'n duiwel? Uh-huh. Hoe kan dit wees? Want sonde is sonde, en seks is seks, maar God gee die Geboorte.

197 God kies ons vanaf die grondlegging van die wêreld. Het julle dit geweet? Wag totdat ons hierdie geskiedkundiges begin lees, kyk hoe Iranaeus. . . hoe hy God loof omdat hy gekies is voor die grondlegging van die wêreld; hoedat Sint Martin en hulle almal, Hom geloof het; God, geloof het. Gesê: "Omdat. . . " En mense wat van hom gepraat het, wat gesê het: "Hy is gekies voor die grondlegging van die wêreld." Dis Skrif. Daardie broers was in lyn met God. Maar hierdie ou swart kerk het deur daardie vyftienhonderd jaar van Donkereeue gekom, die hele ding besmeer soos 'n lamp wat rook, die Ligte verblind. "Maar dit sal Lig word in die aandtyd," het die Here gesê.

198 Apostoliese opvolging, een na die ander een; een pous, en jy moet in die geslag van pouse wees voor jy 'n pous kan word. O, goeiste, goeiste! Dis onsin. Die—die lekedom. . . Nie die heilige en regverdige nie, maar die. . . laat die. . . laat—laat die priesters bid vir hulle en hulle uitbring uit hulle sondes, hulle sondes vergewe, geld betaal vir 'n belydenis.

199 Protestante doen dieselfde! Probeer dan wees. . . klop hulle pastoor op die rug en lewe soos die res van die wêreld. En hy weet niks meer van God as wat hy doen. . . laat hulle in die kerk bly en noem hulle lidmate van sy kerk, en laat hulle daarin bly

en sê vir hulle dat hulle gered is. Hulle gaan so teleurgesteld wees op daardie dag, as hulle nie wedergebore is nie! Sonder die Heilige Gees is jy verlore. Niemand kan sê: "Jesus is die Christus," behalwe deur die Heilige Gees nie.

200 Die ware Kerk by Éfese was nie mislei deur hierdie blinkgepoetste intellektuele toesprake nie. Hy. . .Hulle het dit gehaat. Hulle is nie mislei nie, hulle weet; die ware Kerk was nie.

201 Vals openbaring wat hierdie kêrels, genaamd Nikolaïete, gehad het, wat nie ooreengestem het met die Woord van God nie. Sê vir my waar jy ooit "'n priester in belydenis" geleer sien word in die Bybel hier. Waar sien jy ooit, hier in die Bybel, "besprinkeling" tot vergewing van sonde, geleer word? Waar sien jy ooit iemand gedoop in die naam van "Vader, Seun, en Heilige Gees" tot vergewing van jou sonde? Waar sien jy ooit hierdie: "Gee die regterhand van gemeenskap, en hulle naam op die kerkboek plaas" daarin? Waar sien jy ooit al hierdie goed? Wat is dit? Dis 'n priesterdom of 'n—'n geestelikes wat nie reg is volgens die Woord nie, en hulle is Nikolaïete, en God het gesê: "Ek haat hulle!" Kom terug na die Woord. O, dis. . .Ek weet dis sterk, broers, maar ek—ek—ek's nie verantwoordelik nie; aan Jesus, baklei met Hom.

202 Vals openbaring, nie volgens die Woord nie, maar, het hulle "leuenaars, valse apostels, valse profete" genoem. Maar die ware Kerk het vasgehou aan die oorspronklike leer van Paulus en die doop van die Heilige Gees, met tekens wat gevolg het en bevestig het wat Paulus geleer het. Amen! Wys my waar God ooit die woord van besprinkeling sal bevestig. Wys vir my waar God ooit sal bevestig, en praat in tale en groot dinge bring, net deur hand te skud met die pastoor iewers en jou naam op die boek te plaas; en steeds te pruim, te rook, drink, leuens vertel, kaartpartytjies, 'n bietjie pret hê, gaan. . . O, genade! Dis vleeslike, valse profeet, vriend. Ja, meneer.

203 Die weg van God is heiligheid. Laat dit bekend wees aan elke lidmaat hier van die Liggaam van Christus: totdat jy 'n heilige lewe ly, weier God jou offerande. Die offer moet geoffer word met heilige hande. Dit is. . .?. . .reg. Die hoëpriester, voordat hy selfs kon inkom om die offerande te offer, moes hy heilig wees, en toegewyd, en gesalf, en geparfumeerd, en alles, voordat hy selfs kon inloop in die teenwoordigheid van God om die offerande te offer. Is dit reg? Hoe kan jy dan hier uitgaan en kul, en steel, en stry, en baklei met jou bure, en die res, en aangaan soos wat jy doen, en dan inkom en sê: "O Here God! Prys Jesus! Halleluja!"?

204 Mense sê: "Ek sien hulle in tale praat." Dit beteken steeds nie hulle het die Heilige Gees nie. "Ek hoor hulle skree." Dit beteken steeds nie hulle het die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees is die lewe.

205 Die Bybel het gesê: "Die reën kom dikwels op die aarde, om dit voor te berei, om dit te benat ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word," (Hebreërs 6) "maar dorings en distels wat na aan vervloeking is, die einde daarvan is die verbranding."

206 "Die son skyn op die regverdige en die onregverdige. Die reën val op die regverdige en die onregverdige." Die reën kom om die koringoes te maak (sal ons dit noem) en elke onkruid wat in die veld is. As die koring dors is, dan is die onkruid dors. En dieselfde reën wat die koring natmaak, maak die—maak die onkruid ook nat. Die ou korinkie sal sy kop oplig en skree: "Prys die Here! Halleluja! Halleluja! Ek is so bly om hierdie reën te kry!" Die ou onkruidjie sal skree: "Glorie aan God! Prys God! Halleluja! Ek's bly om Dit te kry."

207 "Maar aan hulle vrugte sal julle hulle ken." Dis reg. "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken."

208 7de vers, en dan sluit ons af, hierdie is die laaste van die kerktydperk. Nou gaan ons omtrent vyf minute laat wees, of tien, net 'n minuut.

> *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is.*

209 Nou kyk, vriende, hier's hoe jy oorwin. Eers moet jy oorwin, dan kan jy die vrugte eet. Dis die oorwinnaar. Julle onthou nou die aand, ons onderrigting gisteraand? Johannes moes in die Gees kom voordat hy enigiets kon sien. En hoe gaan jy sit, sê: "As hy nie Baptis is nie, gaan ek nie na hom luister nie"? "As hy nie Presbiteriaans is nie, gaan ek nie na hom luister nie." "As hy nie net presies leer wat my kerk leer nie, ek . . . " Jy—jy—jy gaan nie oorwin nie, jy het nog nie in die Gees gekom nie. Jy's heeltemal buite orde.

210 Kom in die Gees, sê: "Here Jesus, ek het U lief, openbaar nou enigiets aan my wat U wil, bring dit net in my in." Dan kom jy—kom jy reg. Dis reg.

211 Let op, drie keer praat die Bybel van—van die Boom van die Lewe in Génesis, drie keer in die Boek van Openbaring. Nou die dag het ons dit gehad. Onthou? Sondag, gister. Die enigste . . . Die duiwel haat elke stukkie Skrif wat daar is, maar hy haat Génesis en Openbaring erger. Hy val Génesis aan oor die geloofwaardigheid daarvan, want hy wil mense laat glo dat Dit nie so was nie; "Génesis het nie gebeur soos God gesê het hulle het nie, het iets anders hierdie skepping en ding laat plaasvind." Dan val hy Dit op daardie manier aan. En hy neem mense weg van Openbaring, want Dit openbaar: Jesus as God, en hy wat die duiwel is (en hy's verlore), en die heerlikheid van die geheiligde Kerk wat huis toe gaan na God, en die vernietiging van die valse profeet, en almal van hulle wat lieg en alles doen, wat in die poel

van vuur gegooi gaan word. Dis geen wonder hy hou hulle weg Daarvan nie. Maar, onthou, albei plekke praat van die Boom van die Lewe in die Paradys.

212 Nou laat ons hierdie net ’n minuut neem, en nou die “Boom.” Johannes die 6de hoofstuk, as jy dit wil merk, het Jesus gesê: “Ek is die—die Brood van die Lewe.” Nou, onthou.

213 Nou gaan ons hierdie twee pilare gebruik as ’n simbool hier. So, net voor afsluiting, nou. Nou, aan my regterhand is die boom in die tuin wat genoem word die Boom van die “Lewe,” aan my linkerhand is die boom in die tuin wat genoem word die boom van “kennis.” Hoeveel weet dat die Bybel sê daar is ’n Boom van die Lewe en ’n boom van kennis? Nou, die mens moes lewe van hierdie Boom van die Lewe, nie die boom van kennis aan te raak nie. Is dit reg? En die eerste keer wat hy dit aangeraak het, het hy homself geskei van sy Skepper. Hy het sy—sy gemeenskap met God verloor, toe hy sy eerste hap kennis gevat het. Nou, dink hard nou. En julle wat julle notas skryf, ek sal tyd gee dat julle dit kan kry, want ek wil nie hê julle moet hierdie mis nie.

214 Jesus, in Johannes 6. Hulle het gedrink uit ’n fontein, en hulle hande opgegooi en ’n bespotting daar gemaak, dat, hulle vaders gedrink het uit die geestelike Rots, ensovoorts. Hy het gesê: “Ek’s daardie Rots wat in die woestyn was.”

215 En hulle het gesê: “Hier sê u dat u ‘voor Abraham was,’ en u is ’n man nie ouer as vyftig jaar nie. En u het gesê u het ‘Abraham gesien’? Ons weet dit nou, dat, u mal is, u ’n duiwel is.” Sien?

216 Hy het gesê: “Voordat Abraham was, IS EK.” EK IS was in die bos by Moses; die brandende bos, EK IS. “Voordat Abraham was, IS EK”; nie “EK was’ nie.

217 Nou, julle mense wat sê dat die dae van wonderwerke verby is, julle sal daardie Skrif moet laat sê: “Ek was die groot Ek was.” Sien?

218 Nie “Ek was,” of “Ek sal wees” nie; “EK IS,” dis die heeltyd. Hy’s Ewig. Die Woord “EK IS” is ’n Ewige, hulle hele tydperk, die heeltyd, in al sewe goue kandelaars, elke kerk, elke plek, elke hart. “EK IS,” (nie “Ek was” of “Ek sal wees” nie) “Ek is net nou soos Ek altyd was.” Sien? “Altyd, EK IS.”

219 Hulle het gesê: “Ons vaders. . .Ons ken u nie. Ons weet u is ’n duiwel.” Gesê: “Ons vaders het manna geëet in die woestyn vir veertig jaar lank.”

220 En Jesus het gesê: “En hulle is almal dood.” Dit reg? “Hulle is almal dood. Maar Ek. . . ” O! “Ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel neerdaal. As. . . ’n Brood van die Lewe. As ’n mens van hierdie Brood eet, sal hy nooit sterwe nie.”

221 “Sal hierdie man sy liggaam gee, om te eet?” het hulle gesê: “Nou is hy mal, sowaar.”

222 Die Brood van die Lewe was van die Boom van die Lewe, waar hulle geëet het, vanaf die tuin van Eden. Hy was die Boom van die Lewe. Nou, as die Boom van die Lewe 'n Persoon was, dan was die boom van kennis 'n persoon. Sê nóú die slang het nie 'n saad gehad nie! As Lewe deur 'n Man gekom het, het dood deur die vrou gekom. Goed, sy was die boom van die dood.

223 So gou as—as wat hierdie een haar onteer het, wat hy het (die slang), sy het gesê: "Die slang het my verlei." Dis reg. Nie 'n slang nie; hy was die listigste van al die diere, hy was tussen 'n sjimpansee en 'n mens. Saad van 'n dier sal nie kruis met 'n vrou nie, sal dit nie doen nie; maar hierdie kêrel was, hy was die volgende skakel tussen-in. En God het so 'n vloek op hom geplaas, Hy het hom reguit terug op sy maag geplaas, en geen bene nie, en elke been in hom geneem en dit verander na anders as 'n mens. Die wetenskap wat probeer opgrawe in 'n veld. Dis versteek in die verborgenhede van God, in die middel van die Paradys van God. Daar's julle openbaring.

224 Sy het haar eerste seun voortgebring, wat Kain was (Is dit reg?), die seun van Satan, seun van Satan. As hulle nie het nie, waar het daardie—waar het daardie boosheid vandaan gekom? Uit Adam, wat 'n seun van God was? Gekom van die duiwel, sy vader. En hy het gemoor; eerste moordenaar was die duiwel, die duiwel se seun.

225 Kyk wat het daarna gebeur, hou die geslag van Kain dop. Verder af deur daardie geslag wat gevolg het, na Kain, was elkeen wetenskaplikes en groot manne. Lees die Bybel. Hulle het huise gebou, hulle werk met metaal, en hulle was wetenskaplikes. Maar elkeen wat van Set af gekom het, (Wat Abel gesterf het, 'n tipe van Jesus, gesterf; en Abel het gesterf, en Set het sy plek geneem: dood, begrafnis, en opstanding.). . . uit syne het nederige kleinboere gekom, skaapwagters het afgekom daardeur.

226 Nou Jesus het gesê: "Julle vaders het manna geëet in die woestyn en hulle is almal dood. Maar Ek is daardie Brood van die Lewe," (Watter Brood van die Lewe? Van Eden af!) "dat 'n mens mag eet van hierdie Brood en nooit sterf nie." Nou, God het 'n Engel rondom daardie Boom van die Lewe geplaas, om daaroor wag te hou, dat niemand dit kon aanraak nie, sodat hulle nie van daardie Boom sou eet en vir ewig lewe nie. Is dit reg?

227 Want, hulle moes voortgaan op hierdie boom en sterf. Is dit reg? Want, solank hulle daarvan geëet het, het hulle gesterf. En net so seker as wat jy sterf omdat jy eet van daardie boom van kennis. . . Nou, kom ons kyk na daardie boom van kennis nou. Kyk wat het dit gedoen. Nou, kom ons kyk wat dit gedoen het. Die eerste ding, laat ons sien, dit. . . Wel, laat ons een sien wat hulle. . . dit het buskruit uitgevind. Dit maak ons kamerade dood. Dis reg, maak mekaar dood met buskruit, van die boom

van kennis af. Die volgende ding wat ons gedoen het, goeiste, kom ons kyk, ons—ons het die outomobiel uitgevind, van daardie boom van kennis af. Dit maak meer dood as buskruit. O, ja! Nou, het ons 'n waterstofbom. God vernietig niks, die mens vernietig homself deur sy kennis.

228 Maar alles wat aan God behoort, God sal dit weer oprig; God verloor niks. Jesus het so gesê, dis reg: "Hy wat hierdie Brood eet het Ewige Lewe, en Ek sal hom weer oprig op die laaste dag." Dis Sy belofte. Nou, God . . .

229 Hulle is ver voor, deur te eet van die boom van kennis en te sterf. Maar sodra hulle by hierdie Boom kon uitkom, sou hulle vir ewig lewe.

230 So nou, in plaas van 'n Engel daarbuite wat hulle weghou van hierdie Boom af, is dit daarbuite om hulle aan te jaag *na* hierdie Boom toe; die engele van hierdie kerke: "Dis vir elke persoon," wat hulle terugbring na die Naam van Jesus Christus toe, wat die Boom van die Lewe is, wat staan in die Paradys van God. Sjoe! Goeiste! Ek hoop julle kry dit. Die Boom van die Lewe wat staan in die Paradys van God, dat jy mag deel hê aan Hom, en seun en dogter van God kan word en vir ewig lewe. "Wie My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe."

231 Broer, suster, nou ek's . . . Ek . . . Sekerlik, ek's . . . Ek—ek het julle berispe, julle seergemaak. Ek—ek het nie bedoel om dit so te doen nie. Sien? God weet dit, maar ek moet dit so doen om julle te laat sien waar ons is. Ek glo nie ons het veel langer om te bly nie. Ek probeer julle nie ontchristen omdat julle aan 'n organisasie behoort nie. Dis nie dit nie. Die mense is 'n slagoffer van omstandighede. Hulle weet nie wat om te doen nie; al wat hulle ouers altyd gedoen het was om te gaan en by kerke en dinge aan te sluit.

232 Maar, broer, een ding voor ons verdaag, laat ek nog hierdie een aanhaling maak. Die profeet het gesê . . . Glo julle die profete? Die Bybel het gesê om na hulle te luister. Die profeet het gesê: "Daar sou 'n tyd kom wat daar nie dag of nag sou wees nie, maar dit sou soort van 'n somber dag wees. Maar in die aandtyd, net voor die son sak, sal dit Lig word." Is dit reg?

233 Nou kyk wat ons gehad het. Nou, kom ons kyk net. Hoe kom die son . . . Waar kom die son op, geografies? In die ooste. Is dit reg? Dit sak in die weste. Ek wens ek het gehad . . . Ek sal môre-aand die kaart neem en julle wys. Toe die Heilige Gees geval het in Jerusalem, het dit 'n volmaakte syfer agt gevorm, Sy spoor. Dit gaan reguit op oor in Ierland in, weer reguit om, regoor, en kom na die Weskus, en val weer reguit terug; 'n volmaakte syfer agt waarheen die Evangelie gegaan het. Nou, beskawing het saam met die son beweeg. Hoeveel weet dit? Julle is dit geleer en weet

dit. Die oudste beskawing wat ons het is China, en dan van daar af het sy reguit aan oorgekom in die ooste. En toe die Heilige Gees, nie s-o-n nie, maar S-e-u-n . . .

234 Wanneer die son, die s-o-n, begin afskyn deur die newels en mistigheid van die nag, maak nie saak waar die saad is nie, dit sal lewe; want alle botaniese lewe, lewe deur die son. Ons weet dit. Jy kan beton regoor 'n stuk gras gooi, en volgende lente, waar is die dikste gras? Reg aan die rand van die beton. Hoekom? Dis daardie lewe daaronder, jy kan nie ware lewe wegsteek nie. Daardie lewetjie, sodra dit weet daardie son baai daardeur, sal dit sy pad deurwurm vir amper 'n halwe stadsblok, onder om daardie beton gaan, totdat dit sy kop reg in die lug kan opsteek en God begin prys.

235 Jy kan nie Lewe wegsteek nie. Dis reg, LEWE. Wanneer jy wedergebore is, kan jy Dit nie wegsteek nie. Iets moet uitroep wanneer jy Lewe het.

236 Nou, al die dinge wat nou dood is, en die—die saadjies is oopgebars, die pulp het uitgeloop, en dis dood, maar die lewe is steeds daar. Nou, wanneer die son begin skyn in die lente, sal die klein blommetjies opkom, en alles sal weer sy kop opsteek (onder die houtspaanders uit, onder die stompe uit, onder die rotse uit), dit sal weer opstaan, en weer lewe. Is dit reg? Omdat die s-o-n skyn.

237 Nou, eendag sal die S-e-u-n skyn, wat die Skepper van Ewige Lewe is, en alles wat deur Hom kiemkragtig gemaak is tot Ewige Lewe, het Hy gesê: "Ek sal dit oprig in die laaste dag." Sien julle wat ek bedoel? Ewige Lewe sal opgerig word in die laaste dae. As hulle jou begrawe in die see, of hulle verbrand jou liggaam en versprei dit na die vier winde van die aarde, sal God dit oprig in die laaste dag. As jy die maag van 'n honger leeu moet vul, of—of in die vlammende putte ingaan wat al die—die—die sestien petroleums en kosmiese ligte en alles uit jou uit sal neem, sal God dit oprig. "Die einste hare op jou hoof is getel." Amen! God sal dit oprig!

238 Nou, kyk hier. Nou, as elke mens sterf deur die vrou, dan lewe elke mens deur die Man. Wees deel van die vrou in daardie soort lewe, jy weet jy sal sterf. Daar's geen manier om daarby verby te kom nie, jy gaan sterf. En so seker as wat jy Daarvan neem, gaan jy lewe; daar's geen manier om daarby verby te kom nie, jy moet lewe. Amen! As dit gewisse dood voortbring, bring Hierdie gewisse Lewe voort. Dis die enigste manier wat jy dit kan ontvang, is om Lewe te hê.

239 Nou, die profeet het gesê, dat: "Dit sal Lig word in die aandtyd." Nou kyk. Hy het gesê daar sal 'n dag wees wat somber sou wees, dit sal nie dag of nag genoem word nie. Dis soort van 'n bewolkte, mistige, koue dag, maar tog gee die Seun die Lig. Ver bokant die newels en wolke ensovoorts, gee die Seun die Lig. Dit

gee genoeg Lig sodat jy kan loop, en jy kan sien hoe om oor die weg te kom, ensovoorts, maar tog is dit—dit nie helder, mooi dag nie. Sien? Nou, niks kan kwalik leef in daardie dag nie.

240 As jy enigiets sou plant onder waar die son dit nie tref nie, word dit verdwerg. Is dit nie reg nie? Julle boere weet dit. Sit die mielies oorkant in die skadu of iewers, kyk, dit verdwerg dit. Fred, jy behoort dit te weet met jou koring. Jy sit dit daarbuite, en as jy 'n swak somer gehad het, o, koud en reënerig, verdwerg dit dit.

241 Wel, dis wat fout is met die kerk af deur hierdie tydperke, dit is verdwerg. Dit is verdwerg deur denominasies: "Sit jou naam op die boek. Ons het genoeg Lig gehad om te weet dat daar 'n God is." Ek's bly daaroor. "Ons het genoeg Lig gehad om te weet dat daar 'n Christus is, daar 'n oordeel is wat kom. Ons het Lig gehad; so ons het ons name op die boeke gesit, ons het handgeskud met die pastoor, sovoorts, en dit gedoen." Goed, maar nou is dit die aandtyd.

242 Nou, beskawing het van die ooste na die weste gekom, en nou is ons op die Weskus. Ons kan nie verder gaan nie; ons gaan oor, ons is weer terug in die Ooste. Ons kan nie verder gaan nie, ons is by die Weskus.

243 Nou, die Bybel het gesê: "In die Aandtyd sal die Lig kom." Nou, watter soort son skyn in die aandtyd? Is dit 'n ander son as wat opkom in die oggend? Dis dieselfde son. Is dit reg? Wel, dan, wat het God belowe? Nou gaan ons hierby uitkom, gee kans, reg hier onder by *hierdie* tydperk. Die Bybel het so gesê, ek sal dit bewys, hierdie kerktydperke, soos ons voortgaan, dat: "In die aandtyd sou daar 'n Lig kom uitbreek in die Weste, wat die Seun van geregtigheid weer sou terugbring met genesing in Sy vleuels. En dieselfde tekens en dieselfde wonders, wat destyds hier in die Ooste gedoen is, sal hier oorkant in die Weste gedoen word, met nog 'n uitstorting van die Heilige Gees in die laaste dag."

Dit sal Lig word in die aandtyd,
Die weg na die Hemel sal jy seker vind;
In daardie waterweg, Dis die Lig vandag,
Begrawe in die kosbaar' Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer van al jul sonde,
Die Heilige Gees sal sekerlik inkom;
Die Aandligte het gekom,
Dit is 'n feit dat God en Christus een is.

O, dit sal Lig word in die aandtyd,
Daardie weg na die Hemel sal jy seker vind;
In hierdie waterweg is die Lig vandag,
Begrawe in die kosbaar' Naam van Jesus.
Jonk en oud, bekeer van al jul sonde,
Die Heilige Gees sal sekerlik inkom;
Daardie Aandligte het gekom,

244 Dieselfde ding wat Petrus gesê het: "Laat dit aan julle bekend wees, dat God hierdie selfde Jesus, wat julle gekruisig het, beide Here en Christus gemaak het. Bekeer, elkeen van julle" het hy gesê: "en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes."

245 Laat ek vir julle iets vertel. Soos ek nou die dag gepraat het oor die *doktersvoorskrif*. Mense hou nie daarvan om die doktersvoorskrif te neem nie. As hy 'n—'n geneesmiddel het wat jou siekte kan genees, en jy her-wei . . . jy weier om dit te neem, is dit nie die dokter se fout dat jy doodgaan nie. Nee, meneer. Dis jou fout, omdat jy weier om dit te neem.

246 En nou, as die dokter 'n voorskrif uitskryf en hy . . . en jy neem daardie voorskrif na 'n kwak-apteker, en hy sit iets daarin wat nie daarin behoort te wees nie, sal dit jou ook doodmaak. Is dit reg? Daardie dokter het dit bestudeer dat hy weet daar's soveel van daardie voorskrif wat gif is, om daardie goggas dood te maak wat in jou liggaam is; en daar's genoeg teengif daarin om die gif teë te werk dat dit jou nie sal doodmaak nie. En dit moet gebalanseerd wees. As jy te veel teengif insit, sal dit nie die pasiënt help nie; sit te veel gif in, sal dit hom doodmaak. Dit moet gebalanseerd wees.

247 Die vraag was: "Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie?" het die profeet gesê. "Waarom is die siekte van My dogter dan nie genees nie." Wat is fout met die kerk? Wat is fout dat ons te veel ou siek kerke het? Want ons het 'n paar kwak-aptekers gehad wat die Voorskrif verkeerd gevul het. Dis reg. Hy het nooit gesê: "Vader, Seun, Heilige Gees" nie. Hy . . .

248 Wat het die Voorskrif gesê? Hier's Petrus. Hoeveel weet hy het die sleutels tot die Koninkryk gehad? Jesus het so gesê. Wat het Hy gesê? Met ander woorde, hy het die inkpen vir die Voorskrif.

249 Toe hulle hoor dat dit alles oral vertel word, (Hulle het gegil, geskree, in tale gepraat, en omtrént 'n tyd gehad.) en hulle het gesê: "Hierdie mense is vol nuwe wyn."

250 Petrus het gesê: "Diegene is nie vol nuwe wyn, soos julle veronderstel nie, siende dat dit maar die derde uur van die dag is. Maar dit is wat gespreek is deur die profeet Joël: 'Dit sal gebeur in die laaste dag,' sê God: 'Ek sal My Gees uitstort op alle vlees. Julle seuns en julle dogters sal profeteer, en op My diensmaagde en diensknegte sal Ek van My Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal tekens bo in die hemele wys, en onder op die aarde; vuur, en rook, en vog. En dit sal gebeur dat, wie ook al die Naam van die Here sal aanroep . . . gered sal word.'"

251 En verder het hy gesê van Dawid, hy het gesê: "Aartsvader Dawid het dit vooruit gesien, en hy het gesê: 'Ook sal my vlees rus in hoop omdat Hy nie My siel in die hel sal los, of Sy Heilige

verderwing sal laat sien nie.' Laat my vrylik met julle praat, broers, oor die aartsvader Dawid. Hy is beide dood en begrawe, en sy graf is met ons tot vandag. Sien, maar hy, as 'n profeet, het die opstanding van Christus gesien. Laat dit bekend wees aan julle, dat hierdie Jesus, wat julle gekruisig het met bose hande, God Hom beide Here en Christus gemaak het."

252 Toe hulle dit gehoor het, is hulle diep in hulle hart getref, en het gesê: "Manne en broeders," of: "Dr. Simon Petrus, skryf vir ons die Voorskrif uit. Hoe kan ons Dit kry? Ons wil 'n geneesmiddel vir sonde hê." O!

253 Nou hou hom dop, wat hy gesê het. Nou vind julle uit waar hierdie kerke die spoor byster geraak het. Hy het gesê: "Wag 'n oomblik! Ek gaan 'n Voorskrif uitskryf, en dit gaan 'n Ewige Voorskrif wees. Dit sal vir julle wees, en vir julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, en dié wat die Here onse God sal roep."

254 Wat het hy gesê? Hoe het hy dit gemaak? Soos die Katoliek dit het? Soos die Baptis dit het? Soos die Metodis dit het? Elkeen van hulle het iets bygevoeg of iets Daarvan weggeneem. Soos die Pinksters? Hulle het bygevoeg of weggeneem. Maar wat het hy gesê? "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." 'n Ewige Voorskrif! "Dis vir julle, en vir julle kinders; dit sal hou regdeur elke kerktydperk, gee Dit aan elkeen van hulle."

255 O God, reinig my hande. Reinig my hart, Here. Mag . . . As dit elke vriend kos wat ek het, laat my die Voorskrif gee soos die Dokter gesê het om Dit te gee.

256 Dis hoekom julle soveel dooie kerke het, soveel dooie lidmate. Julle voeg teengif by, en neem soveel weg Daarvan totdat die Voorskrif nie meer dieselfde is nie, dit sal nie eers enigiets genees nie; hande skud, en aansluit by die kerk, en besprinkeling. O, genade, dis nie die Voorskrif nie, dis dood. As jy Lewe wil hê, en die Heilige Gees wil hê, volg wat God gesê het om te doen. Neem die Voorskrif! Dis presies soos hy gesê het: "Moenie byvoeg Daarby of wegneem Daarvan nie." Dan hier kom die Openbaring reguit oor en gesê: "Wie ook al sal wegneem van of byvoeg by, dieselfde sal weggeneem word (sy deel) uit die Boek van die Lewe." O, goeiste, dis die *groot* Dokter. O, ek het Hom lief. En julle?

257 O, aan daardie groot tydperk, van die Éfesiese tydperk toe hierdie dwaalleer net begin insluip het, om organisasies te maak. En pastore en diakens . . . of nie diakens nie, maar pastoor . . . nie pastore nie, maar Kardinale, biskoppe, pouse, opsieners van die kerk, wat die Heilige Gees vertel het, die Kerk vertel het: "Nou, julle kan dit nie hierbinne hê nie!" Wie's in elk geval die baas?

258 Petrus is eenkeer dit gevra. Gesê: "Jy kan nie meer preek in Jesus se Naam nie. Jy kan preek as jy wil, maar nie in Jesus se Naam nie." O, die duiwel haat daardie Naam!

259 Petrus het gesê: "Is dit reg vir my om . . . " Die Bybel het gesê: "Petrus, wat vol was van . . . " (die denominasie?) O, a, " . . . die Heilige Gees." Gesê: "Wag, ek sal die algemene opsiener gaan sien, om te kyk wat hy vir my sê om Hiermee te maak."

260 Laat ek vir julle vertel. Weet julle die Gemeentes van God het 'n sielkundige om te oordeel, en om hulle sendelinge te neem voor 'n sielkundige, om te kyk of daardie man verstandelik in staat is om 'n sendeling te wees? Pinkster Gemeentes van God. Hoeveel het dit ooit gehoor? Sekerlik, dis regdeur, almal weet. Sekerlik. Wie moet die sendeling deurkyk en die beoordelaar wees, die sielkundige of die Heilige Gees? Sien, dis wat jy kry, deur mense te hê. Sien, mensgemaakte teorieë, mensgemaakte doktrines. Wag totdat ons afkom na daardie Pinkstertydperk! God sal daardie ding verbrand net so seker soos die wêreld. Ja, meneer. Ja, beslis. En julle sien dit vat vlam die heelpad deur. Uh, hum. Presies.

261 Maar een glorieryke dag sal Hy kom. En onthou, luister, daar's sewe kerktydperke. Is dit reg? Daar's sewe kerktydperke. En julle onthou, toe hulle uitgegaan het om die Bruid—Bruidegom te ontmoet, het sommige aan die slaap geraak in die eerste waak (Is dit reg?), die tweede waak, (Sekerlik, nie—nie gesterf nie, aan die slaap geraak.) derde waak, vierdie waak, vyfde waak, sesde waak; en in die sewende waak het 'n geroep uitgegaan: "Daar kom die Bruidegom! Gaan uit Hom tegemoet!" Wat het gebeur? Al daardie maagde wat geslaap het, het wakker geword.

> Op daardie helder en wolkelose môre
> wanneer die dooies in Christus sal opstaan,
> (Wolkeloos, die Aandligte sal skyn.)
> En die dag breek Ewig, helder en mooi;
> Wanneer die gereddes op die aarde sal vergader
> na hul tuistes bokant die hemele,
> As die rol daar afgelees word, is ek daar.
>
> As die rol daar afgelees word,
> As die rol daar afgelees word,
> As die rol daar afgelees word,
> As die rol daar afgelees word, is ek daar.
>
> Kom ons werk vir die Meester van dagbreek tot
> sononder,
> Laat ons praat van al Sy wonderlike liefde en
> sorg;
> Wanneer die hele lewe dan verby is, en ons
> werk op aard' gedaan,
> As die rol daar afgelees word, . . .

Elke kind van God steek nou julle hande op:

As die rol daar afgelees word,
As die rol daar afgelees word,
As die rol daar afgelees word,
As die rol daar afgelees word, is ek daar. (O!)

In die soete hiernamaals,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand;
In die soete hiernamaals,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand.

262 Is julle lief vir die ou liedere van die kerk? O!

Aan ons ryke Vader daarbo,
Sal ons ons lofprysinge bring,
Vir die wonderlike gawe van Sy liefde,
En die seëninge wat ons dag volg.

In die soete hiernamaals,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand;
In die soete hiernamaals,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand.

Skud nou hande met iemand langs jou, oraloor soos daardie. Dis goed.

Soete hiernamaals, (Sê: "Ek sal jou ontmoet, broer.")
Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand;
In die soete hiernamaals,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand.

Ons sal sing op daardie pragtige strand,
Die melodieuse lied . . . (Sing almal dit nou.)
En ons gees sal nie meer treur nie,
Nie 'n sug vir ons seëning van rus.

Almal, met ons hande omhoog:

In die soete hiernamaals,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand;
In die soete hiernamaals,
Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand.

263 Nou met ons hoofde geboë, laat ons dit sê: Here Jesus, [Gemeente sê: "Here Jesus,"—Red.] ek het U lief. ["ek het U lief."] Ek glo ["Ek glo"] dat Jesus Christus ["dat Jesus Christus"] die Seun van God is, ["die Seun van God is,"] God gemanifesteer ["God gemanifesteer"] in die vlees ["in die vlees"] om my sonde weg te neem. ["om my sonde weg te neem."] Ek vertrou nie op my meriete nie, ["Ek vertrou nie op my meriete nie,"] ek het geen, ["ek het geen,"] maar plegtig ["maar plegtig"] vertrou ek ["vertrou ek"] op die meriete ["op die meriete"] van Jesus Christus ["van Jesus Christus"] wat my Verlosser is, ['wat my Verlosser is,"] my God, ["my God,"] my Koning. ["my Koning."] Ek het Hom lief. ["Ek het Hom lief."] Amen. ["Amen."]

264 Môre-aand om sewe-uur, as die Here wil, sal ons die kerk van Smirna neem.

> In die soete . . . (Met ons hoofde geboë nou) . . .
> O, hiernamaals,
> Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand, hiernamaals;
> In die soete hiernamaals,
> Sal ons ontmoet op daardie pragtige strand.

Nou sag, almal, soet:

> O, aan ons ryke Vader daarbo,
> Sal ons ons lofprysinge bring,
> Vir die wonderlike gawe van Sy liefde . . .

[Broer Branham vertrek terwyl die gemeente voortgaan met die koortjie—Red.]

*Die Éfesiese Kerktydperk* AFR60-1205
(The Ephesian Church Age)
Die Openbaring Van Jesus Christus reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Maandagaand, 5 Desember 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org